Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | November 2021

AfriForum Tydskrif



# 300 000 lede

## trap spore van hoop

ISSN 2313-1144

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

Vir AfriForum Teater was 2021 propvol uitdagings, klippekou en gebede. Dit was egter 'n jaar vol voorspoed, suksesse en mooi oomblikke, en as ons terugkyk, is ons geseënd en dankbaar.

# Ons sien saam uit na 2022!

Dankie aan elkeen wat hierdie reis moontlik maak en wat ons in 2021 ondersteun, gedra en bemoedig het. Mag AfriForum Teater nog vele jare dié tuiskomplek vir Afrikaanse kunste wees.





# Redakteursbrief

Alet Rademeyer – redakteur @AletRademeyer

Dit is met groot opgewondenheid én dankbaarheid dat ons hierdie laaste uitgawe van *Forum Tydskrif* vir 2021 saamgestel het.

Wat 'n jaar was dit nie! Hier na die einde toe is dit amper asof 'n mens die afgematheid oral in die oë en handelinge van ons mense kan sien.

Ondanks tientalle uitdagings, opdraandes en gevegte wat ons op vele terreine geveg het, is daar egter groot rede tot vreugde: AfriForum het vanjaar sy 15de bestaansjaar gevier en wanneer jy hierdie uitgawe in jou hand hou, sal jy deel van hierdie kragtige organisasie wees wat nou 300 000 lede sterk is! Wat 'n wonderlike seën en wat 'n mylpaal waarop ons almal trots kan wees.

Om net te dink waar AfriForum se 300 000 lede oral vanjaar blywende voetspore gelos het en waar hulle vlytige hande oral raakgevat het, gee 'n mens oneindig baie hoop. Ook vir 2022.

In die afgelope jaar het ons opnuut beleef hoe hopeloos die ANC-regering is en hoe hulle daadwerklik teen Afrikaners as minderheid regeer. Dink maar aan die belaglike wette wat hulle wou deurdruk rondom kwessies soos onteiening sonder vergoeding, nasionale gesondheidsversekering (NGV) en 'n nuwe fonds vir maatskaplike sekerheid. Dan is daar die knaende aanslae op belastingbetalers wat reeds van die hoogste belasting ter wêreld betaal. Daarom het AfriForum en Solidariteit met omvattende belastingprotesveldtogte begin.

Die regering het ook met sy besluit om na die hoogste hof te gaan met sy rassistiese hulpfonds vir die toerismesektor weer gewys dat hy alles in sy vermoë doen om minderhede op grond van ras uit te sluit. AfriForum sal egter aanhou veg teen hierdie en ander ongeregtighede. Ook in die howe. Dit is dan ook baie gepas om hier melding te maak van die reuse-oorwinning wat die organisasie behaal het in sy stryd vir moedertaalonderrig. Ná 'n uitgerekte stryd van vyf jaar het die Konstitusionele Hof in AfriForum se guns beslis in die Unisa-saak.

AfriForum het ook in Oktober sy driejaarlikse nasionale kongres by Buffelspoort gehou waar takstrukture koppe bymekaar gesit het hoe daar op grondvlak versnel kan word sodat gemeenskappe meer onafhanklik kan raak en meer sake van belang self kan bestuur.

> **En miskien sê jy ook soos Jadav: "Ek is net 'n eenvoudige mens. Daar is baie soos ek!"**

Hierdie droom en praktiese planne waarmee AfriForum gemeenskappe reg oor die land wil bemagtig, het my ook weer laat dink aan die verhaal van Jadav Payeng.

Jadav het in 1979 begin om elke dag 'n boom op Majuli, 'n eiland in die Brahmaputrarivier in Indië, te plant. Ná 42 jaar is die woud wat ontstaan het groter as Central Park in New York! Toe hy begin het, het hy 'n paar saadjies op 'n droë sandbank geplant en die woud beslaan nou meer as 500 ha. Vir drie maande van elke jaar is dit die tuiste van olifante, terwyl daar nou ook renosters en tiers is.

Dié omgewingsaktivis het baie bekend geword en uiteraard wou mense altyd by hom weet hoe hy dit reggekry het. Sy antwoord is gewoonlik: "Dit is nie asof ek dit alleen gedoen het nie. Jy plant een of twee bome en dan maak dit saad. Die wind, die voëls, die koeie, die olifante én die rivier weet hoe om die saad te versprei ... die hele ekosisteem weet ..."

Jadav gaan egter elke dag steeds met sy werk voort, want hy weet elke boom wat hy plant red 'n gesin tydens die vloedseisoen. Die riviereiland waar die woud geplant is, word egter elke jaar kleiner weens seisoenale oorstromings en erosie. Jadav het egter 'n plan om seker te maak dat die eiland behoue bly en vloedskade verminder word.

Jadav is vir my soos elke getroue lid en ondersteuner van AfriForum. Daar waar jy werk, ondersteun, moue oprol, buurtwagpatrollie ry, begraafplase en parke skoonmaak, bome plant, slaggate opvul, mure by skole en ouetehuise verf of kospakkies aan die kwesbares in jou gemeenskap uitdeel. Dáár is jy 'n anker. 'n Baken van hoop. 'n Steunpilaar.

En miskien sê jy ook soos Jadav: "Ek is net 'n eenvoudige mens. Daar is baie soos ek!"

Dan wil AfriForum vandag vir jou sê: Dankie vir die verskil wat jy maak.

Ek wens julle almal 'n baie geseënde Kersfees en mooi nuwe jaar toe.

Groete
Alet

### Matt. 5:14–16

Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstander, en dit gee lig vir die hele huis. Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik word.

# Binnekant

Forum Tydskrif | November | Uitgawe 25




**16** Belastingbetalers keelvol vir plundering.

ANC-vergrype moet ook gestraf word. **38**

**20**
**Unisa**
Groot wen vir Afrikaans.

**26**
**Geregtigheid**
Dís hoekom AfriForum boer ondersteun.

**28**
**Kongres**
Dis tyd om te versnel.








## Veldtogte

30
**Vullisterreine**
Oudit wys munisipaliteite versaak gemeenskappe.

34
**Groentetuine**
Gemeenskappe spring in om selfstandig te wees.

36
**Jeug**
Jonges leer meer oor die geskiedenis.

AfriForum-lede moet asseblief laat weet of hulle *Forum Tydskrif* aanlyn wil lees of per pos wil ontvang. Adresveranderings of navrae rondom lidmaatskap kan ook gestuur word na **ledesake@afriforum.co.za** of **navrae@forumtydskrif.co.za**.


**41** **Entrepreneurskompetisie** Vroue neem leiding met eie ondernemings.

**44** **Wette** AfriForum dien kommentaar in teen swak wetgewing.

**54** **Interkulturele samewerking** Wedersydse respek en erkenning is nodig vir vreedsame naasbestaan.



# DIE SPAN

AfriForum

**Redakteur**
Alet Rademeyer
**Kommunikasiebestuurder**
Marina Wiese
**Joernaliste**
Jhua-Nine Wyrley-Birch
Marthinus Koekemoer
**Subredakteur**
Anton Wilson
**Advertensies**
Denise Viljoen
denise@solidariteit.co.za
**Grafiese kunstenaars**
Thomas Snyman
Simoné Perry
**Rekeninge**
William Waugh

**Medewerkers**
Kallie Kriel
Ernst Roets
Alana Bailey
Ilze Nieuwoudt
Amanda Visser

VERSPREIDING
On the Dot

DRUKWERK
Novus Print

UITGEWER
AfriForum



**AfriForum-hoofkantoor**
H.v. D.F. Malanrylaan & Unionweg,
Kloofsig, Centurion
**Tel:** 086 10 200 30
**Faks:** 012 664 1281
**Web:** www.afriforum.co.za
**E-pos:** navrae@forumtydskrif.co.za


Forum Tydskrif het die ABC se eienaarlidmaatskapstatus verkry

## Wie is AfriForum?

AfriForum is 'n burgerregte-inisiatief binne die groter Solidariteit Beweging. Die organisasie beywer hom vir sowel die uitbouing en instandhouding van burger-, minderheids-, mense- en grondwetlike regte as die vestiging van selfstandige gemeenskappe. AfriForum beroep hom op internasionale beginsels oor kulturele vryheid en minderheidsregte. Agtien instellings vorm deel van die Solidariteit Beweging. Dit sluit onder meer die vakbond Solidariteit, AfriForum, die diensorganisasie Helpende Hand, die tegniese opleidingsentrum Sol-Tech, die telematiese hoëronderwysinstelling Akademia, die bemagtigingsfonds Solidariteit Groeifonds, die Solidariteit Beleggingsmaatskappy, die Solidariteit Eiendomsmaatskappy, Solidariteit Finansiële Dienste, die Solidariteit Navorsingsinstituut, die internetgedrewe mediahuis Maroela Media, Kraal Uitgewers en die FAK in.

## Wat sê Forum-lesers

*Forum*-lesers is baie welkom om aan die gesprek deel te neem en kort briewe aan ons te skryf. Kommentaar op sowel die inhoud as artikels word verwelkom. Stuur ook gerus voorstelle oor hoe ons die inhoud kan verbeter of onderwerpe waaroor julle eerder sal wil lees. Stuur 'n e-pos na **navrae@forumtydskrif.co.za** – **Redakteur**

### LEON ROSSOUW

Na aanleiding van die artikel oor die regering se voorneme om die Vuurwapenwet te verander, net die volgende:

Vanuit die voorgenoemde is dit duidelik dat die regering van boelietaktiek gebruik maak in plaas van redelikheid en billikheid. Menseregte beskerm twee fundamentele regte, naamlik die reg om lewe te beskerm en die reg om eiendom te beskerm. Indien die ANC hierdie regte ontken, dan moet die ANC-topstruktuur hulle reg op beskerming ook prysgee.

Wetgewing moet aan sekere vereistes voldoen. Neem e-tol as voorbeeld. In hierdie wetgewing is daar dubbele standaarde. Sekere padgebruikers moet tolgeld betaal, terwyl ander kwytgeskeld word. Hierdie wet is onbillik en daarom betaal ek nie e-tolgeld nie.

Die regering beweer in die vuurwapenwetwysigings dat lewe nie meer beskerm moet word nie, maar in gesondheidswette skep die regering meer as 500 wette om lewens te "spaar". Waar word die streep getrek?

### ADRIANA BEYLEFELD

Hiermee wil ek laat weet dat ek baie graag *Forum Tydskrif* steeds per pos wil ontvang. Dis so lekker om iets so opbouend en in keurige taal op goeie papier in my hande te hou. Baie dankie vir hierdie pragtige publikasie. *Doe zo voort*!

### DEWALDT EN INA DE KLERK

Baie baie dankie dat AfriForum die mense van Pioneer House in Vanderbijlpark onlangs so heerlik bederf het. Ons ou tannietjie, wat 'n inwoner is, voel asof sy die Lotto gewen het en kan nie uitgepraat raak oor die bederf nie. Julle is fantasties!

### HELENA EN CASPER ELOFF

Baie dankie vir ons *Forum Tydskrif*. Ons lees dit elke keer van hoek tot kant.

### CHRIS MOOLMAN

Ek skryf hierdie brief met 'n relatiewe "twyfel" of ek moet. Ek is so dankbaar vir *Forum Tydskrif* dat ek myself dalk nou in die voet skiet. Sien dit asseblief in die positiewe lig wat ek dit bedoel. Ek sukkel werklik om die wit skrif in baie van u waardevolle artikels op die glansgekleurde agtergrond (violet, indigo, blou, groen, geel, oranje, rooi en as daar nog kleure dalk by die reënboog bygekom het) te lees. Kan julle nie maar terugval op die ou beproefde "swart op wit" soos ons van kindsbeen af daaraan gewoond geraak het? Nie dat alle gewoontes heilsaam is nie, maar hierdie een is 'n kleinood. Groot asseblief.

Groete en vrede (van Fil. 4:7) vir julle. En baie dankie vir 'n lesenswaardige tydskrif.

NS: Ek glo die elektroniese tydskrif kan dalk beter werk, maar ek is relatief (aldus my kinders en kleinkinders) tegnologies gestrem en *Forum Tydskrif* is deel van my leesstof op die troon.

(Ons gee aandag aan die versoek. – Redakteur)



# Bel iemand wat jy kan vertrou.

## #DieNommerOmTeHou

## 0861 28 26 21

**AVBOB-lede** geniet **ALTYD** die voordeel

As 'n **AVBOB**-lid kan jy vir **GRATIS** begrafnisvoordele*, ter waarde van *tot en met* **R17 500** van **AVBOB** Begrafnisdiens, kwalifiseer:

'n **GRATIS** begrafnis ter waarde van **R12 500**, wat die begrafnisreëlings, 'n gespesifiseerde kis en lykwa insluit

'n **R2 500** onmiddellike kontantvoordeel vir aanvanklike uitgawes

**GRATIS** vervoer van die oorledene binne die grense van Suid-Afrika

**EN gemoedsrus wanneer jy dit die nodigste het.**

**www.AVBOB.co.za**

*Bepalings en voorwaardes geld. **GRATIS** begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien **AVBOB** Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. FDV 20565.

NFDA ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

top EMPLOYER SOUTH AFRICA 2021 CERTIFIED EXCELLENCE IN EMPLOYEE CONDITIONS

AVBOB

ONDERLINGE GENOOTSKAP

# 300 000 lede maak AfriForum én mekaar sterk!




Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

AfriForum se aktiewe ledetal het pas die 300 000-kerf verbygesteek! Toe AfriForum 15 jaar gelede met 'n personeelkorps van slegs drie, geen lede en 'n toe nog onbekende naam sy eerste openbare verskyning gemaak het, kan ek met eerlikheid sê dat ons ten spyte van ons optimistiese groeiplanne nooit verwag het dat AfriForum so vinnig sou groei nie. Vandag beskik AfriForum oor 244 roepingsgedrewe personeellede, meer as 12 500 energieke vrywilligers, 160 plaaslike takke en 164 buurt- en plaaswagte.

Dit is belangrik om altyd in nederigheid te besef dat hierdie sukses die resultaat is van genade van Bo, lede se lojale ondersteuning en die harde werk van duisende personeel en vrywilligers wat saamstaan en saamwerk om 'n toekoms vir ons, ons gesinne, ons gemeenskappe, ons taal en ons nageslag uit te kerf hier aan die suidpunt van Afrika.

## AfriForum is 'n voertuig om 'n toekoms te bou

Terwyl ons die 300 000-mylpaal met dankbaarheid vier, besef ons ook dat 'n groot ledetal opsigself nie AfriForum se bestaansrede is nie. Ons bestaansrede is om te veg vir 'n beter hede en hard te bou aan 'n toekoms waarin ons en ons nageslag blywend vry, veilig en voorspoedig kan leef. AfriForum is 'n belangrike voertuig om hierdie doel te bereik.

As blote individue is ons elkeen uitgelewer aan die groot onstuimigheid in die land. Saam is ons egter sterker. Die 300 000 lede maak nie net AfriForum sterker nie, maar ook mekaar.

## AfriForum kry groot steun

Diegene wat graag wil toesien dat Afrikaners en minderhede oor die algemeen in die vergetelheid verdwyn, sal natuurlik AfriForum se eksponensiële groei as onbenullig probeer afmaak. Onlangs het Panyaza Lesufi, Gautengse LUR vir Onderwys, probeer aantoon dat AfriForum se 300 000 lede 'n "minderheid van 'n minderheid" is. Lesufi het versuim om te meld dat die ANC in Gauteng slegs 99 000 lede het, nie eens 'n derde van AfriForum se ledetal nie. Statistieke wys dat politieke partye se ondersteuning by die stembus sowat tien keer hoër is as hulle ingeskrewe ledetal. Dit is logies, aangesien ondersteuners nie altyd oor die hulpbronne beskik of tyd neem om aan te sluit nie. Indien hierdie formule op AfriForum van toepassing gemaak word, sal ons steun by 3 miljoen draai.

Dit is ook so dat AfriForum se 300 000 lede se gesinne nie by die ledetal getel word nie. As net AfriForum se 300 000 lede in ag geneem word, is AfriForum reeds die grootste burgerregteorganisasie in die Suidelike Halfrond.

## Lede maak driebeensuksesresep moontlik

AfriForum se driebeensuksesresep, naamlik (1) roepingsgedrewenheid, (2) 'n prakties werkbare veg-en-bou-plan en (3) die bestaan van 'n uitvoerende vermoë om hierdie planne uit te voer, kan dus danksy die groeiende steun wat AfriForum ontvang in 2022 met nog groter spoed toegepas word. Die steun van 300 000 lede gee aan ons die uitvoerende vermoë en ons personeel en vrywilligers se roepingsgedrewenheid gee aan ons die energie om ons veg-en-bou-plan met sukses uit te voer.

## Voorbeeld: Unisa-geveg skep ruimte vir Akademia

'n Voorbeeld van hoe AfriForum en die Solidariteit Beweging (SB) se groeiende steunbasis dit moontlik maak dat AfriForum se veg-en-bou-plan vrugte afwerp, is die suksesse rondom die beskerming en bevordering van Afrikaans as onderrigtaal op universiteitsvlak. Ingevolge dié plan veg AfriForum om die posisie van Afrikaans in openbare instellings vir so lank as moontlik te beskerm. Daarteenoor bou ander instellings van die SB – soos Akademia en Sol-Tech op tersiêre vlak en die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) op skoolvlak – kliphard daaraan om volwaardige privaat Afrikaanse onderwysinstellings van hoogstaande gehalte tot stand te bring.

Die vegstrategie vereis deursettingsvermoë. Die stryd om Afrikaans by Unisa te behou, duur al vyf jaar lank. Die stryd het in die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria begin, maar dié hof het egter teen AfriForum beslis. Met 'n aanhouer-wen-ingesteldheid het AfriForum daarna die Appèlhof in Bloemfontein suksesvol genader. Unisa het egter hierteen na die Konstitusionele Hof geappelleer. Weer eens het AfriForum se uitstekende regspan die moedige stryd gevoer, wat tot dié oorwinning vir Afrikaans gelei het.

Dit sou naïef wees om te dink dat die stryd vir Afrikaans nou finaal gewen is. Die Unisa-oorwinning was 'n baie belangrike "veldslag" wat gewen is, maar die "oorlog" sal uiteindelik net finaal gewen kan word met bykomende oorwinnings soos die verdere uitbou van privaat Afrikaanse onderwysinstellings soos Akademia en Sol-Tech.

Met die inwerkingstelling van Unisa se 2016-taalbeleid is nog net 300 van Unisa se 2 300 kursusse in Afrikaans aangebied. Die Konstitusionele Hof het nou bevind dat die uitfasering van Afrikaans vir hierdie 300 kursusse ongrondwetlik was.

## Ten slotte

Dankie aan jou en die res van AfriForum se meer as 300 000 lede. Julle maak bogenoemde suksesse moontlik!

# Dít is wat AfriForum onderskei



Ernst Roets – AfriForum se hoof van Beleid en Aksie

'n Paar jaar gelede het 'n hoofstroom- Engelse koerant besluit om 'n in-diepte artikel oor AfriForum te laat skryf. Die doel daarvan was om vas te stel wie AfriForum is, waarom ons tot stand gebring is, asook wat AfriForum wil bereik. 'n Belangrike onderliggende vraag was egter: Hoe het AfriForum dit reggekry om so vinnig te groei? Dit was nog voor 2014 – die jaar waarin AfriForum by sy nuwe gebou in Kloofsig, Centurion ingetrek het. Op daardie stadium was ons personeelkorps nog klein genoeg dat ons personeelvergaderings om 'n raadsaaltafel kon hou.

'n Ondersoekende joernalis het so twee dae by ons kantoor deurgebring en onderhoude met die personeel gevoer. Ons het nooit die artikel gesien nie, want die koerant het besluit om dit nie te publiseer nie. Dit was nie 'n politieke stuk nie. Dit was bloot 'n eerlike poging deur die joernalis om die vrae wat ek hierbo lys te beantwoord. Ons kon maar net tot die gevolgtrekking kom dat die koerant eintlik van voorneme was om 'n smeerstuk te publiseer waarin AfriForum polities gekritiseer word en dat 'n positiewe artikel, wat die resep agter AfriForum se sukses beskryf, nie juis aan die redakteur se verwagting voldoen het nie.

Dit ontbloot 'n ernstige leemte in die hoofstroommedia, wat nie noodwendig op soek is na die waarheid en na nuus nie, maar wat sterk daardeur gedryf word om 'n bepaalde boodskap oor te dra. Daarom sal jy nie sommer gevallestudies vind oor AfriForum se sukses en oor die manier waarop AfriForum 'n verskil in die samelewing maak nie. Dit is jammer, maar dit is ook nie noodwendig 'n krisis nie, omdat ons lankal die les geleer het dat ons eie kommunikasievermoë 'n belangrike komponent van ons sukses is.

As ek dit dus kan waag om baie inleidend enkele punte uit te lig oor dit wat AfriForum onderskei, sal ek die volgende ses punte uitlig:

### AfriForum weet wat hy wil bereik

AfriForum se visie is duidelik. Ons werk om 'n toekoms te skep waar Afrikaners volhoubaar vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika kan voortbestaan.

> **Ons verwerp nie die verlede nie, maar ons volg ook nie slaafs na wat in die verlede gebeur het en gedoen is nie. Ons doen wat Paul Kruger gesê het: Ons neem uit die verlede wat goed en mooi is en bou ons ideale vir die toekoms daarop.**

### AfriForum weet hoe hy dit wil bereik

AfriForum werk om hierdie visie te verwesenlik deur 'n dubbele strategie te volg. Aan die een kant werk ons om bestaande werklikhede te beïnvloed. Aan die ander kant werk ons om nuwe werklikhede te ontwikkel. Of, om dit meer eenvoudig te stel: Ons veg en bou. Ons veg vir geregtigheid en teen agteruitgang. Terselfdertyd bou ons aan instellings wat vir ons op 'n meer volhoubare wyse 'n toekoms sal verseker.

### AfriForum doen dinge self

AfriForum wag nie vir die staat of ander organisasies om dinge gedoen te kry nie. Daar waar ons bekommerd is dat dinge nie gedoen word nie spring ons eenvoudig in en doen ons dit self. Ons vra nie vir toestemming nie. Ons doen dit net.

### AfriForum is vernuwend

AfriForum besef dat dinge nie bloot op die ou manier gedoen kan word nie en dat daar nuwe maniere gevind moet word om volhoubaar aan oplossings te werk. Daarom is AfriForum vernuwend. Ons verwerp nie die verlede nie, maar ons volg ook nie slaafs na wat in die verlede gebeur het en gedoen is nie. Ons doen wat Paul Kruger gesê het: Ons neem uit die verlede wat goed en mooi is en bou ons ideale vir die toekoms daarop.

### AfriForum beklemtoon organisasiedoeltreffendheid

Organisasiedoeltreffendheid is 'n deurlopende tema in AfriForum se gesprekke en vergaderings. Sonder 'n goed funksionerende organisasie kan AfriForum nie sy doelwitte bereik nie. Ons doel is nie om AfriForum sterk te maak nie. AfriForum is bloot 'n voertuig wat ten doel het om 'n bepaalde bestemming te bereik. Ten einde hierdie bestemming te bereik, moet ons egter seker maak dat die voertuig (die organisasie) so doeltreffend as moontlik funksioneer.

### AfriForum is nie volmaak nie

Ons leer egter uit ons foute en pas daardie lesse toe om voortdurend te verbeter in dit wat ons doen. Die bereiking van die 300 000-ledetal is 'n getuigskrif van AfriForum se suksesresep. Hiervoor is dank nie net aan die leierskap en personeel verskuldig nie, maar aan elke vrywilliger wat tot hierdie prestasie bygedra het!

# Waarom kultuurbewaring noodsaaklik is



Alana Bailey – AfriForum se hoof van Kultuursake

Wanneer mense van kultuurbewaring hoor, kan hulle nie dink dat dit enigiets met veiligheid te make het nie, maar die beskerming van 'n gemeenskap se kultuur is letterlik 'n lewensnoodsaaklike onderdeel vir hulle voortbestaan.

As Christene kan ons "natuur" omskryf as God se Skepping. Daarteenoor is daar "kultuur" – menslike intellektuele produkte wat taal, erfenisbakens en gemeenskapsaktiwiteite insluit. Omdat kultuur ons oortuigings en waardes beïnvloed, vorm dit ons identiteit en dus ook die gemeenskappe waarin ons tuis voel.

Aktiviste vir natuurbewaring kry baie mediablootstelling en min kritiek omdat hulle tereg aanvoer dat indien ons nie ons natuurlike omgewing bewaar nie, volhoubare lewe op aarde bedreig word.

Aktiviste vir kultuurbewaring tref dit minder gelukkig. Wanneer 'n taal uitsterf of 'n monument op 'n afgeleë plek gevandaliseer word, gaan dit meestal ongemerk verby, buiten vir die mense wat direk 'n verbintenis daarmee het.

Tog kan die miskenning van 'n gemeenskap se identiteit en kulturele regte ingrypend wees. Alle groot wêreldkonflikte van die 20ste eeu het 'n oorsprong in identiteitskwessies en die miskenning van kulturele regte gehad. Dit het direk aanleiding tot die dood van miljoene mense gegee, wat beteken dat ons nie die gevolge van die bewaring, beskerming en bevordering van kulturele regte en skeppings moet geringskat nie en verduidelik waarom hierdie regte in die meeste internasionale verdrae, handveste en grondwette genoem en beskerm word.

AfriForum het nog altyd verklaar dat wedersydse erkenning en respek van sleutelbelang vir ons is. Soos ons wil hê dat die uitdrukkings van ons kultuur en identiteit erken en gerespekteer moet word, wil ons sien dat die kultuur en identiteit van ander gemeenskappe erken en gerespekteer word. Wat ons vir ons gemeenskap verlang, gun ons ook vir ander en ons sal netwerke bou om te verseker dat dit vir almal 'n werklikheid kan word.

AfriForum se kernfokus bly veral om ons gemeenskap se regte te beskerm en uit te bou. Dit sluit ons aksies vir die bevordering van Afrikaanse moedertaalonderrig in, asook pogings om spore van ons erfenis – soos plekname en monumente wat van besondere betekenis vir Afrikaners is – te beskerm. Ons sien hierdie aksies as deel van ons Godgegewe roeping om as voogde dít wat ons by die geslagte vóór ons geërf het, vir die geslagte ná ons uit te bou en te bewaar.

> **Ons sien steeds hoe die vernietiging van erfenis in eietydse konflikte volksmoorde voorafgaan.**

Erflatings gee ongelukkig dikwels tot onenigheid aanleiding – daar is mense wat wrokke uit die verlede koester en ander wat meen dat hulle geregtig is tot 'n groter aandeel van die erfporsie. Hierdie ideologiese en finansiële agendas beteken dat die beskerming van kultuur nooit los van politiek en ekonomie gesien kan word nie.

Mense word polities en ekonomies gemarginaliseer wanneer hulle van hul kulturele regte ontneem word. In die ergste graad kan dit beteken dat hulle kultuur misbruik word om hulle tot sondebokke te maak. Dit word gedoen deur die indruk te skep dat dit om die een of ander rede verwerplik is.

Dink byvoorbeeld aan die lot van die Jode en Roma aan die hand van die Nazi's in die Tweede Wêreldoorlog. Lank voordat die mense uitgemoor is, is hulle kultuur as onwenslik gebrandmerk – insluitend hulle musiek en letterkunde.

Ons sien steeds hoe die vernietiging van erfenis in eietydse konflikte volksmoorde voorafgaan. Die Islamitiese Staat (ISIS) het as deel van sy etniese suiweringsbeleid gemeenskappe soos die Yezidi se plekke van aanbidding en kulturele erfenisterreine stelselmatig geplunder en vernietig. ISIS se ondersteuners is oortuig dat die vernietiging daarvan geregverdig en selfs godsdienstig lofwaardig is. Dit het die stap om die gemeenskappe self uit te wis, makliker gemaak, omdat die vervreemding en ontmensliking van hierdie groepe reeds in die gedagtes van ISIS se aanhangers gevestig is.

Internasionale instellings besef toenemend die noodsaak van die beskerming van kulturele regte om geweldpleging te voorkom. In Asië word die uitbou van taalregte gebruik om konfliksituasies te ontlont en in 2016 het die Internasionale Strafhof (ISH) 'n saak oor die vernietiging van godsdienstige monumente in Mali aangehoor. In laasgenoemde is die aangeklaagde tot nege jaar gevangenisstraf gevonnis – 'n bewys dat dié hof kulturele misdade in dieselfde lig as enige ander oorlogsmisdade beskou. Die kernboodskap van die uitspraak was dat erfenisskendings nie net 'n enkele gemeenskap benadeel nie, maar die mensdom as geheel verarm.

Wanneer AfriForum dus om die behoud van 'n standbeeld standpunt inneem, 'n begraafplaas skoonmaak, 'n hofsaak oor die behoud van Afrikaanse onderrig aanhangig maak of in die Afrikaanse kunste belê, is dit nie net 'n uitdrukking van ons liefde vir ons kultuur nie. Dit is noodsaaklike aksies om te verseker dat ons gemeenskap 'n toekoms aan die suidpunt van Afrika het.

FroueVonds
want alles loop nie altyd reg nie

# ONS SPLINTERNUWE FROUEVONDS
# Dagbeplanner & Digbundel

**Bederf jouself en die vroue in jou lewe met 'n pragtige, inspirerende dagbeplanner of digbundel!**

*Ideale verjaarsdag- of kersgeskenk!*

**Die FroueVonds van Solidariteit Helpende Hand stel ons splinternuwe dagbeplanner en digbundel bekend.**




**'n Gedeelte van elke dagbeplanner en digbundel word teruggeploeg in die FroueVonds om studiegeleenthede vir behoeftige meisies en vroue moontlik te maak.**

**Om jou dagbeplanne en/of digbundel te koop of vir meer inligting besoek www.frouevonds.co.za.**


# meenskappe oral sigbaar




buurtwagte het 'n enorme verskil gemaak om veiligheid in plaaslike gemeenskappe te bevorder en misdaad hok te slaan deur gereeld patrollies te ry. Daar is ook met die polisie op grondvlak saamgewerk om misdadigers aan te keer en onwettige grondbesettings te stuit. Takke het ook talle projekte aangepak om mense in nood met voedsel en ander hulpmiddels by te staan. AfriForum se voetspoor in elke dorp word elke dag groter!




## AFRIFORUM SE LEDETAL:






# Organisasies slaan hakke in teen belastingplundery

Deur Alet Rademeyer

AfriForum en Solidariteit het met omvattende en indringende veldtogte begin om die regering te stuit in sy pogings om belastingbetalers verder van hul swaar verdiende geld te stroop.

Dít het onder meer gevolg nadat Lindiwe Zulu, minister van Maatskaplike Ontwikkeling, die voorgestelde nasionale fonds vir maatskaplike sekerheid (NFMS) aangekondig het. Dié aankondiging volg ook op die regering se vergesogte planne om nasionale gesondheidsversekering (NGV) in te stel waartoe belastingbetalers ook moet bydra.

Ingevolge dié NFMS-voorstel moet mense tussen 8% en 12% van hul inkomste – tot 'n maksimum van R2 760 per maand – tot die fonds bydra.

Opposisiepartye het hierteen te velde getrek en die ANC daarvan beskuldig dat hy op 'n vernietigingstog van die ekonomie én belastingbetalers is. Boonop is die ANC tot die been toe korrup en kan die regering nie met só 'n fonds vertrou word nie. Die groenskrif oor die NFMS is intussen voorlopig deur die minister teruggetrek.

Dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van Solidariteit, sê die regering het nie eens berekenings gedoen oor die werklike impak van die voorstelle nie. "Die regering leef in Lalaland as hulle dink dit gaan werk."

Die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI) het navorsing gedoen en vasgestel dat indien NGV en die NFMS in die huidige voorgestelde vorm uitgerol word, belasting vir alle inkomstegroepe aansienlik sal verhoog. 'n Individu wat meer as R7 275 per maand verdien sal sowat 338,1% meer belasting betaal. Iemand wat meer as R138 051 per maand verdien, sal omtrent 44,3% meer belasting betaal.

> **Die regering leef in Lalaland as hulle dink dit gaan werk.**

In Suid-Afrika betaal nagenoeg 3,4 miljoen mense meer as 91% van alle belasting. Suid-Afrikaners betaal die tweede hoogste belasting ter wêreld as persentasie van die BBP met net Swede wat 'n hoër koers het.

Ernst Roets, hoof van Beleid en Aksie by AfriForum, sê die land bevind hom in 'n belastingkrisis en 'n revolusie in dié verband is nie die oplossing nie. "Daar moet eerder dringend na belastinghervorming gekyk word om toe te sien dat geld nie verder gesteel word nie en dat korrupte amptenare vervolg word en belastinggeld nie op destruktiewe ekonomiese beleid vermors word nie.

"Die regering slaan nie ag op die krisis nie en dit blyk hulle besef nie probleme sal vererger as daar nie na oplossings gekyk word nie. Die regering faal daarin om toe te sien dat privaat eiendomsreg en die basiese voorwaardes vir 'n werkende markekonomie in stand gehou word.

"Die regering misluk daarin om die land doeltreffend te regeer wat blyk uit talle diensleweringbetogings en regsaksies teen die staat. 'n Kultuur van ongebreidelde korrupsie en plundering van staatsfondse heers en die gevolg is dat die staat oor die afgelope twee dekades reeds skade in die omgewing van R1 miljard (R1 000 000 000 000) gely het," sê Roets.

Johan Kruger, hoof van Gemeenskapsontwikkeling by AfriForum, sê belastingbetalers het genoeg gehad. "Hulle is kwaad en kom in opstand teen korrupsie met hul geld. Groot onrus is in die land aan die opbou oor belastingplundering en -vermorsing. Dit is vir belastingbetalers duidelik dat die voortgesette betaling van belasting die enigste rede is waarom



Jacques Broodryk

FOTO: MARTHINUS KOEKEMOER



**Connie Mulder**, hoof van die Solidariteit Navorsingsinstituut, en **dr. Dirk Hermann**, bestuurshoof van Solidariteit.

die staat by magte is om met sy verwoesting en plundery voort te gaan. Dit moet nóú gestop word."

AfriForum se belastingprotes is daarop gemik om druk op die regering te plaas om belastingbetalers nie verder uit te buit nie en belastingbetalers te bemagtig om wettig protes aan te teken en op 'n wettige manier minder belasting te betaal.

'n Afvaardiging van Solidariteit was in Oktober op 'n internasionale besoek aan onder meer lidlande van die Europese Unie (EU) om steun vir die Beweging se belastingprotes te werf. Die organisasie het ook 'n vyfpuntplan vir sy belastingprotes wat bestaan uit litigasie, bewusmaking, internasionale skakeling, vervolging van die regering se belastingplunderaars en 'n taakspan wat op die been gebring gaan word om mense te help om deur kreatiewe metodes minder belasting te betaal.

# Stop dit!

AfriForum het geëis dat daar teen staatsamptenare wat onregmatig welsynstoelae ontvang het, opgetree word. Die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsagentskap (SASSA) ondersoek tans 177 000 staatsamptenare wat welsynstoelae ontvang het. Daar is na beraming in Julie alleen sowat R200 miljoen in toelae aan staatsamptenare uitbetaal.

# AfriForum stuur belastingmanifes aan Ramaphosa

AfriForum het 'n dispuut teen die regering verklaar en sê belastingbetalers is sat en wil nie voortgaan om 'n korrupte stelsel te finansier nie.

'n Manifes hieroor is opgestel en aan die regering gestuur om toe te sien dat die staat stappe vir belastinghervorming deurvoer.

AfriForum het 'n onafhanklike burgerlike sekretariaat saamgestel wat lede van die organisasie en ondertekenaars van die manifes sal verteenwoordig met betrekking tot die eise wat gestel word.

Die eise is:

- **Die regering moet die sekretariaat as legitieme liggaam erken wat 'n beduidende hoeveelheid van die land se belastingbetalers verteenwoordig.**
- **Die regering en betrokke ministers moet met die sekretariaat vergader om die eise te bespreek.**
- **Die sekretariaat se oorsigfunksie oor die nasionale tesourie se aanwending van belastinggeld moet erken word.**
- **Die sekretariaat moet voldoende toegang tot inligting hê om hierdie funksie doeltreffend te kan uitvoer.**
- **Belastingfederalisme en -outonomie aan gemeenskappe moet erken word deur bestuur en inspraak van belastinggeld met betrekking tot plaaslike gemeenskappe te vestig.**
- **Koöperatiewe gemeenskapbestuursmodelle vir munisipale dienste moet ontwikkel word.**
- **Die werk van die ouditeur-generaal (OG) moet deur hierdie liggaam aangevul word.**
- **Korrupsie en wanadministrasie van belastinggeld moet onafhanklik gekwantifiseer en/of gemoniteer word, waarna verantwoordelike staatsamptenare hierdie geld aan die publiek moet terugbetaal en vervolg word.**

(Pres. Cyril Ramaphosa se kantoor het ontvangs van die manifes erken en 'n versoek oor 'n gesprek daaroor ontvang. Hy het die kwessie na Enoch Godongwana, minister van Finansies, en Edward Kieswetter, kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), verwys vir verdere aandag.)



'n Afvaardiging van AfriForum en die organisasie se regspan voor die Hooggeregshof in Bloemfontein.

# Oorwinnings in howe teen munisipaliteite

*Al draai die wiel van geregtigheid soms stadig, is dit altyd verblydend as 'n uitspraak wel uiteindelik in die belang van geregtigheid en van gemeenskappe gemaak word.*

**NOORDWES**

AfriForum is verheug oor 'n beslissing in die Hooggeregshof in Mafikeng dat die Ngaka Modiri Molema Distriksmunisipaliteit en die Tswaing Plaaslike Munisipaliteit hul huis in orde moet kry wat swak watervoorsiening betref.

Die inwoners van Delareyville, Ottosdal, Sannieshof en Agisanang gaan al jare lank gebuk onder swak watervoorsiening.

Die hof het beslis dat die distriksmunisipaliteit binne ses maande waternetwerk- en -infrastruktuurplanne aan AfriForum moet voorsien en hulle plig moet nakom om water volhoubaar aan inwoners te verskaf. Indien dít nie gebeur nie, moet hulle sorg dat inwoners op 'n ander wyse toegang tot skoon water kry en dit dadelik aan AfriForum kommunikeer. Die distriksmunisipaliteit moet tweeweekliks aan AfriForum terugvoer gee oor die oorneem van die waterstelsels en nóg personeel moet aangestel word om te verseker dat die waterpompe nie deur vandale beskadig word nie.

Corné Cronjé, AfriForum se bestuurder vir Gemeenskapstrukture, sê die uitspraak is 'n oorwinning vir die gemeenskap. "Ons kan nie toelaat dat swak munisipale dienslewering mense se basiese regte skend nie. Almal het die reg tot skoon, lopende water en daarom sal ons

# Fonds vir net swart sakelui tot in hoogste hof beveg

Solidariteit en AfriForum is slaggereed om die uitspraak dat die Departement van Toerisme se hulpfonds onwettig is, in die Konstitusionele Hof te verdedig.

Dít volg nadat die departement aangedui het dat hy die appèlhofuitspraak in die organisasies se guns gaan beveg.

"Dit is duidelik dat die staat vasbeslote is om sy rasse-agenda ten alle koste te dryf. Hy stel nie in redelikheid belang nie en neem geensins die eienaars van sakeondernemings of werknemers wat tydens die pandemie onder swaarkry gebuk moes gaan, in ag nie. Al waarin die regering belangstel, is om sy ideologie van sogenaamde transformasie te implementeer onder die dekmantel van kastige hulp," sê Anton van der Bijl, hoof van regsake by Solidariteit.

Die appèlhof het verklaar die departement se implementering van swart ekonomiese bemagtiging (SEB) as kriteria vir sy hulpfonds is onwettig.

AfriForum en Solidariteit het Mmamoloko Kubayi-Ngubane, voormalige minister van Toerisme, vroeër hof toe gesleep oor dié rassistiese kriteria en die saak in die appèlhof met koste gewen.

Regter Clive Plasket sê in die uitspraak die minister het 'n regsfout begaan en sy is nie wetlik verplig, soos sy aangevoer het, om fondse op grond van SEB-vereistes toe te ken nie. Dié uitspraak het 'n vorige uitspraak op 6 April 2020 vervang wat in die guns van die departement gelewer is.
AfriForum



**Mmamoloko Kubayi-Ngubane**, voormalige minister van Toerisme.



Rioolafval in waterbronne is 'n enorme probleem waarteen AfriForum veg.

aanhou om teen munisipaliteite op te tree wat nie hierdie dienste op 'n volhoubare manier lewer nie."

* In Koster en Swartruggens, ook in Noordwes, het die Kgetlengrivier Besorgde Inwoners (KBI) die Pionier Dienstemaatskappy in Januarie vanjaar aangestel om die water- en rioolaanlegte in dié dorpe te bestuur nadat die Hooggeregshof in Mafikeng gelas het dat die KBI die dienste tydelik by die munisipaliteit mag oorneem. Die munisipaliteit het egter geappelleer en weer beheer oor die dienste gekry. Intussen het die water- en riooldienste weer totaal in duie gestort en inwoners leef in haglike omstandighede. Die KBI het 'n aansoek om verlof tot appèl ingedien en AfriForum staan die KBI en Pionier in dié aansoek by.

**VRYSTAAT**

AfriForum en die gemeenskap van Frankfort in die Vrystaat het ook tevrede uit die hof gestap nadat 'n dringende hofaansoek teen die Mafube Plaaslike Munisipaliteit geslaag het om onwettige rioolstorting in dié dorp reg te stel.

> **Ons kan nie toelaat dat swak munisipale dienslewering mense se basiese regte skend nie.**

Die Vrystaatse Hooggeregshof in Bloemfontein het 'n interdik en ingrypende regshulp ten gunste van die gemeenskap toegestaan. Die hof het gelas rioolstorting in die Wilgerivier moet verhoed word en die munisipaliteit moet watermonsters by die rioolwerke neem en aan die gemeenskap beskikbaar stel. Die munisipaliteit moet ook onderhoud en herstelwerk op die rioolstelsels doen en operasionele krisisse onmiddellik hanteer. Ten einde onderbrekings in kragtoevoer tot die werke te verhoed moet die munisipaliteit Eskom betyds betaal.

Die munisipaliteit is ook verplig om in die volgende ses maande tweeweekliks verslag oor die vordering aan AfriForum en die gemeenskap te doen.

**OUDTSHOORN**

Die AfriForum-tak in Oudtshoorn het in Oktober 'n oorwinning in die Wes-Kaapse Hooggeregshof in Kaapstad behaal waar die Oudtshoorn Plaaslike Munisipaliteit se onwettige rioolheffings betwis is. Die hofsaak volg nadat die tak sedert 2018 skrywes aan Anton Bredell, Wes-Kaapse LUR vir plaaslike regering, omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning, gerig het en verskeie vergaderings met hom en die munisipaliteit belê het.

Die hof het beslis die munisipaliteit se rioolheffings – wat per toilet in die huishoudings gehef word – is sowel onwettig as teenstrydig met wetgewing. Die munisipaliteit is 120 dae gegun om 'n regstelling te maak.



en Solidariteit het toe teen die uitspraak geappelleer.

"Die toerismesektor het swaargekry onder die regering se drakoniese inperkingsmaatreëls en vir die regering om dan nog teen mense te wil diskrimineer gebaseer op hulle ras, wys net dat die departement sy prioriteite moet regkry," sê Jacques Broodryk, AfriForum se bestuurder van Veldtogte.

Die minister het aangevoer die omstrede toerisme-ekwiteitsfonds (TEF) is nie 'n "verligtingsfonds" nie, maar in haar eedsverklaring het sy erken verligting is die hoofdoel van die fonds.

Plasket het gesê die feit dat die minister die fonds ingevolge die Wet op Rampbestuur opgerig het, maak daarvan 'n verligtingsfonds en verligtingsfondse is nie onderworpe aan SEB-teikens ingevolge die Wet op Rampbestuur nie.

> **Dit is duidelik dat die staat vasbeslote is om sy rasse-agenda ten alle koste te dryf.**

"Die kriteria vir die fonds is doodeenvoudig rassisties. Die staat kan dit as transformasie probeer verbloem, maar hy het lankal sy ware kleure getoon. Ons is gereed om verder teen hierdie diskriminasie te baklei," sê Broodryk.

* Intussen het die regering nóg 'n fonds aangekondig om teen minderhede te diskrimineer. Die einste Departement van Toerisme en die Nasionale Bemagtigingsfonds het 'n nuwe fonds bekendgestel om transformasie in die toerismesektor te help bewerkstellig. Dié fonds sal finansiële hulp aan swart entrepreneurs bied wat in die toerismesektor wil belê. Volgens die departement het die fonds ten doel om transformasie op 'n direkte wyse te versnel en 'n nuwe generasie van ondernemings in swart besit in dié sektor te vestig.

AfriForum het 'n PAIA-aansoek (om toegang tot inligting te verkry) gebring om vas te stel hoe daar besluit is op die kriteria vir aansoeke.

# Uitspraak in hoogste hof help om AFRIKAANS se juk te lig

Deur Alet Rademeyer

Ná 'n uitgerekte stryd van vyf jaar het die Konstitusionele Hof ten gunste van AfriForum beslis in die saak vir die behoud van Afrikaans as volwaardige onderrigtaal by die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa).

Dít word as 'n groot oorwinning vir Afrikaans, Afrikaanse studente en taalregte in die land bestempel.

Die Konstitusionele Hof het die Hoogste Hof van Appèl se bevinding dat Unisa se huidige taalbeleid – wat slegs vir Engels as primêre medium van onderrig voorsiening maak – ongrondwetlik is, gehandhaaf, maar meer tyd toegelaat vir die implementering van die uitspraak.

Volgens Alana Bailey, hoof van Kultuursake by AfriForum, is die uitspraak 'n reuse-oorwinning en van reusebelang vir alle Afrikaanssprekende studente in die land, maar ook vir die toekoms van Afrikaans as hoëfunksietaal. "Hiermee breek 'n nuwe hoofstuk in die beregtiging van diegene wat nie moedertaalsprekers van Engels is nie, in tersiêre onderrig aan.

"Dit is goed en wel om te sê dat privaat onderriginstellings vryheid het om onderrig in enige taal van hulle keuse aan te bied, maar om as taal van onderrig aan 'n tersiêre instelling gebruik te word, is van groot belang vir die voortbestaan en volgehoue ontwikkeling van enige taal. Daarom kan die uitfasering daarvan aan enige instelling nie sondermeer aanvaar word nie. Die hof het dit met die uitspraak die reg tot toegang tot Afrikaanse moedertaalonderrig aan sowel openbare as privaat instellings vir studente van alle inkomstegroepe bevestig.

"Hoe dit in praktyk gaan realiseer, sal net die tyd leer. Dit is egter waterskeidend dat die hoogste hof in die land eenparig die mite die nek ingeslaan het dat die behoud van Afrikaans 'n onreg teenoor

> **"Hiermee breek 'n nuwe hoofstuk in die beregtiging van diegene wat nie moedertaalsprekers van Engels is nie, in tersiêre onderrig aan.**

ander studente is," sê Bailey.

In die uitspraak kom regter Steven Majiedt tot die gevolgtrekking dat daar 'n onegte weergawe van Afrikaans, die taal se ontwikkeling en heersende plek in die samelewing is wat reggestel moet word.

Hy meld dat die geskiedenis van Afrikaans veelvuldig in sy fasette is en dat die vestiging en bestaan van 'n taal nie bloot toegeskryf kan word aan een enkele rasgroep nie. "Alhoewel Afrikaans ontstaan het uit onderdrukking en 'n voortgesette instrument van onderdrukking was, is sy latere ontwikkeling tot heterogene, 'reënboog'-taal wat vandag gebesig word deur meer swart mense as wit mense, 'n wonderlike paradoks van menslike ondernemendheid en kreatiwiteit. Die belangrike rol wat eenvoudige inheemse mense en slawe in die taal se geskiedenis en ontwikkeling gespeel het, is ontsettend belangrik.


"Die wanopvatting van Afrikaans as 'witmense se taal' en die 'taal van die onderdrukker', is 'n skreiende wanvoorstelling van die taal en die oorsprong daarvan."

Majiedt verklaar dat Afrikaanssprekendes nou moet aanvaar dat hul taal gelyke status geniet met die tien ander amptelike tale.

Die uitspraak het die aandag ook opnuut op die bevordering van ander inheemse tale, asook die regering se verpligting in dié verband, geplaas. Kort ná die uitspraak het opposisiepartye ook geëis dat die regering Afrikaans as inheemse taal moet erken, aangesien dit in die Departement van Hoër Onderwys, Wetenskap en Innovasie se konsepbeleidsraamwerk as "uitheems" geklassifiseer word. Die beleidsraamwerk definieer "inheemse tale" as "tale wat hul ontstaan in Afrika het en tot die suidelike Bantoe-taalfamilie behoort".

Terwyl die jongste uitspraak Unisa dwing om sy huidige ongrondwetlike taalbeleid te wysig, het dit egter geen invloed op die Universiteit Stellenbosch (US) en die Universiteit van die Vrystaat (UV) – waar dieselfde hof hul taalbeleide (ten gunste van Engels as onderrigmedium) bekragtig het – nie. Alle universiteite hersien wel tans hul taalbeleide en die uitspraak het bevestig dat die proses aan elke instelling gemoniteer moet word en dat daar waar taalregte geskend word, sake opnuut deur die howe in die lig van elke instelling se eie feitestel beoordeel moet word.




AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES
GEE JOU LOOPBAAN 'N
HUPSTOOT
Oorweeg nauurse studies
GOEIE NUUS! 2022-studieaansoeke is nog oop
Besoek www.akademia.ac.za om al die studiemoontlikhede te ontgin
Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.



Kallie Kriel, Elias Maangwale en adv. Gerrie Nel.

# Ondanks pandemie is daar vordering in dié hofsake

Deur Marthinus Koekemoer

*Ondanks die impak van COVID-19 wat tot 'n enorme agterstand in sake in die land se howe gelei het, was daar wel vordering in van die sake wat AfriForum se privaatvervolgingseenheid aangepak het.*



Lizel Visagie

## LIZEL VISAGIE

Khumbulani Malinga is in die Middelburgse Streekhof aan strafbare manslag skuldig bevind nadat hy Lizel Visagie in Maart 2019 doodgery het. Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) het aanvanklik die saak teen Malinga teruggetrek totdat AfriForum se privaatvervolgingseenheid aan sowel die NVG as die SAPD geskryf het dat hulle namens Visagie se naasbestaandes optree en vordering in die saak versoek.

Malinga het uiteindelik skuldig op die aanklagte teen hom gepleit nadat die klagtes teen hom aanvanklik teruggetrek is omdat 'n bloedalkoholverslag uitstaande was. Adv. Phyllis Vorster, aanklaer by die privaatvervolgingseenheid, sê die verloop in die saak beklemtoon die noodsaaklikheid van die druk wat die eenheid uitoefen sodat prima facie-sake soos hierdie wel die nodige aandag kry. "Ons is tevrede dat geregtigheid geskied het en hoop dat die vonnisoplegging op 15 November berusting vir die slagoffer se familie sal bring."

## DEURBRAAK VIR KINDERREGTE

'n Ouerpaar is in Oktober in die Hooggeregshof in Pretoria skuldig bevind op klagtes van aanranding met die opset om ernstig te beseer en kinderverwaarlosing nadat hulle hul baba sedert die ouderdom van vyf weke in Maart tot Julie 2020 mishandel het. AfriForum se privaatvervolgingseenheid het ingevolge 'n waaksaamheidsopdrag opgetree in hierdie saak en die klaers, twee dokters en 'n maatskaplike werker, in die saak bygestaan met die lê van strafregtelike klagtes by die SAPD.

Regter Hennie de Vos het in sy uitspraak verwys na die 31 frakture wat die baba opgedoen het weens aanrandings wat op ten minste vyf geleenthede toegedien is. Hulle sal in Desember gevonnis word. "Hierdie uitspraak is 'n oorwinning vir hierdie kind en ook vir geregtigheid. Die dokters wat die kind behandel het, is die werklike helde in hierdie saak. Die privaatvervolgingseenheid moes by hierdie saak betrokke raak om te verseker dat die ouers verantwoordbaar gehou word vir hul dade en ons verwelkom die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) se suksesvolle vervolging van die beskuldigdes. Dit is suksesvolle vervolgings soos hierdie wat weer

eens bevestig dat die druk wat ons uitoefen, verseker dat sake waarin daar prima facie-bewyse is voor die hof kom. Ons is tans betrokke by soortgelyke sake en sal nie skroom om stappe te doen om die huiwering van die NVG om sake van geweld teen vroue en kinders te vervolg uit die weg te ruim nie," sê adv. Phyllis Vorster, aanklaer by AfriForum se privaatvervolgingseenheid.



### JULIUS MALEMA

Die verhoor van Julius Malema, leier van die EFF, en dr. Mbuyiseni Ndlozi, EFF-LP, vir die aanranding van Johannes Venter, 'n kolonel in die SAPD, is teen druktyd wéér uitgestel. Die verhoor was veronderstel om op drie geleenthede voort te gaan, maar is weens verskeie verskonings uitgestel, onder meer dat die beskuldigdes se regspan verpligtinge in ander howe gehad het.



**Adv. Phyllis Vorster** gesels met **Celeste Gouws**.

### VERKRAGTINGSAAK

Adv. Gerrie Nel, hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid, verteenwoordig Celeste Gouws van Somerset-Oos in die hof nadat sy na bewering in 2017 in haar eie huis verkrag en vermoedelik bedwelm is. Dít volg nadat die direkteur van Openbare Vervolging (DOV) in die Oos-Kaap geweier het om vervolging teen Isaac Andile Memese, die verdagte, in te stel. Gouws het reeds in haar saak begin getuig. Haar voormalige buurvrou Marita de Lange het ook getuig oor die aand van die voorval toe sy 'n vrou hoor huil het. Die saak is tot 25 Januarie 2022 uitgestel.

## Verskeie ander sake is uitgestel:

### SENZO MEYIWA

Die saak oor die moord op dié voormalige Bafana Bafana-kaptein hervat in April 2022. Daar is egter nog geen uitsluitsel oor die meesterbrein wat van die beplanning van sy moord verdink word nie. Die Meyiwa-familie het AfriForum vroeër om hulp genader.

### THANDI MODISE

Die dieremishandelingsaak teen die voormalige speaker in die parlement en nou minister van Verdediging en Militêre Veterane is in April op omstrede wyse ná 'n artikel 174-aansoek ingevolge die Strafproseswet uit die hof gegooi. Die privaatvervolgingseenheid het teen landdros Ben Mtebele se uitspraak geappelleer en wag tans op 'n datum in die Hooggeregshof in Mafikeng om die saak verder te voer.

### ALEXIS BIZOS

Die privaatvervolgingseenheid vervolg dié seun van wyle adv. George Bizos namens sy gewese vrou Monique van Oosterhout op 'n klagte van aanranding met die doel om ernstig te beseer. Bizos het Van Oosterhout na bewering in 2015 aangerand en ses van haar ribbes gebreek. Bizos het vroeër vanjaar 'n aansoek gebring om die waarborg wat die privaat vervolger daar moet stel om redelike regskoste te dek, te verhoog en hy het intussen 'n nuwe regspan gekry. Die saak hervat op 23 Februarie 2022.

### LIFE ESIDIMENI

Die privaatvervolgingseenheid en Solidariteit Helpende Hand staan Sandra de Villiers by in die formele geregtelike doodsondersoek (GDO) van haar broer Jaco Stols wat in 2016 tydens die Life Esidimeni-tragedie dood is. Die saak spruit uit die dood van 144 psigiatriese pasiënte wat in haglike omstandighede in staatsinstellings gesterf het. Verskeie getuies is deur AfriForum se regspan gelei en gekruisondervra. Die saak hervat in Februarie 2022.

## Ons sal aanhou, aanhou, aanhou …

Deur Alet Rademeyer

Die huidige strafregstelsel is 'n sinkende skip wat nie gered kan word nie en alternatiewe maniere van vervolging soos privaat vervolging gaan al hoe belangriker word in die stryd om geregtigheid.

Adv. Gerrie Nel, hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid, het tydens 'n konferensie oor die verval van die strafregstelsel verskeie voorbeelde voorgehou oor hoe die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) en die SAPD in gebreke bly en dit self vermy om vervolgings in te stel.

Nel sê die NVG swig onder politieke druk om individue soos Fikile Mbalula, minister van Vervoer, en Julius Malema, leier van die EFF, nie te vervolg nie. Dít terwyl daar meer as genoeg getuienis teen hulle is vir onder meer die vakansieskandaal waarby Mbalula betrek is en die On Point-saak waaruit Malema glo finansiële voordeel getrek het.

"Daar is 'n algehele gebrek aan erns by die NVG om sake te wil afhandel."

Die privaatvervolgingseenheid is deurlopend in verbinding met die NVG en korrespondensie word aan hulle gestuur oor verskeie sake. Die NVG antwoord gewoonlik dat die ondersoek nog aan die gang is. Die NVG is beslis met vertragingstaktiek besig, meen Nel.

Hy sê die NVG is ook nie gretig om 'n *nolle prosequi*-sertifikaat uit te reik sodat AfriForum privaat kan vervolg nie. Die organisasie moes reeds verskeie kere hof toe gaan om 'n mandamus-aansoek te bring om die NVG te dwing om te vervolg en net hul werk te doen. "Die voetslepery en vertragings in sake by die NVG bevestig dat mense nie gelyk voor die reg is nie. Die NVG se onvermoë en weiering om individue met politieke bande te vervolg, is tekenend dat hulle na die pype van hul politieke meesters dans.

"Ons boodskap is egter duidelik. Ons is 'n kantoor met mense met jare se ondervinding en vaardighede en ons sal aanhou en aanhou totdat ons sukses behaal."



Adv. Gerrie Nel

# Burgerregtewaghond reik hand na munisipaliteite uit

Deur Alet Rademeyer

In die afgelope maande het AfriForum sy vinger op die pols van verskeie kwessies gehou en nie geskroom om met aksie te begin teen munisipaliteite wat hul verantwoordelikheid ontduik nie. In verskeie gevalle is daar ook reusedeurbrake gemaak waar munisipaliteite aangedui het dat hulle met die organisasie wil saamwerk.

## KRAGMETERS

AfriForum het vroeër 'n PAIA-aansoek (om toegang tot inligting te verkry) teen die Tokologo Plaaslike Munisipaliteit (Boshof, Dealesville en Hertzogville) ingedien. Die aansoek is ingedien na aanleiding van klagtes oor die swak gehalte van die koopkragmeters wat geïnstalleer is. AfriForum wil antwoorde hê oor die diensooreenkoms tussen die Tokologo Plaaslike Munisipaliteit en Ideal Prepaid (Pty) Ltd; die diensooreenkoms tussen Tokologo en Mafumu Consulting (Pty) Ltd; die SABS-geakkrediteerde sertifikate vir die kragmeters wat geïnstalleer is; die kalibrasiesertifikate van die kragmeters wat geïnstalleer is; en die notule van die openbaredeelnameprosesse wat gehou is voordat die kragmeters geïnstalleer is.

"Die kragmeters veroorsaak 'n groot kopseer vir mense in die gebied en hulle sukkel om krag op te laai omdat dit slegs deur Ideal Prepaid gekoop kan word," sê Jaco Grobbelaar, AfriForum se hoof van Gemeenskapstrukture vir die sentraalstreek.

## TSHWANE-METRO EN MADIBENG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

AfriForum se Hartbeespoort-tak het dié munisipaliteite op terme geplaas oor die dreigende waterkrisis in Madibeng. Die Tshwane-metro het gedreig om watervoorsiening na Madibeng (waar Hartbeespoort en Brits geleë is) te onderbreek. Die Madibeng Plaaslike Munisipaliteit, wat sy water van Tshwane ontvang, skuld ongeveer

## REUSEDEURBRAAK: Nylstroom-rioolaanleg

AfriForum se takke in Nylstroom en Naboomspruit het in September 'n eerste inspeksie by die rioolaanleg op Nylstroom gedoen as 'n belangrike eerste stap ná 'n adviesooreenkoms vroeër met die Modimolle-Mookgophong Plaaslike Munisipaliteit gesluit is.

Volgens Johan Kruger, hoof van Gemeenskapsontwikkeling by AfriForum, is die ooreenkoms 'n eerste van sy soort vir AfriForum. "Die munisipaliteit se gewilligheid om 'n ooreenkoms met AfriForum vir adviesdienste te sluit, is 'n groot stap na 'n meer deelnemende bestuursmodel vir munisipaliteite en gemeenskapsgebaseerde organisasies. Ons het toegang tot geweldige spesialiskennis en -ervaring binne ons ledebasis en ekstern en ons wil munisipaliteite help om uitnemende vlakke van dienslewering te bereik."

Marlene van Staden, burgemeester van die munisipaliteit, sê AfriForum se advies en bystand is welkom en die tyd vir só 'n ooreenkoms is ryp. "Oor die laaste termyn was dit ons uitdruklike oogmerk om dienslewering aan alle gemeenskappe te verbeter. Dit vat egter tyd en kennis om jare se verwaarlosing en ondoeltreffende stelsels om te keer en daarom huiwer ons glad nie om hande te vat met gemeenskapsorganisasies wat gewillig is om 'n bydrae te lewer nie."

Kruger sê die Munisipale Stelselswet en ander wetgewing laat ruimte vir gemeenskapsorganisasies om betrokke te raak, nie alleen by die lewering van advies nie, maar ook met betrekking tot die lewering van dienste. "AfriForum en sy filiaal – die dienstemaatskappy Pionier – het met die suksesvolle bestuur van Koster en Swartruggens se water- en rioolaanlegte in die onlangse verlede gesien dat gemeenskappe groter deelname in die bestuur van dienste suksesvol kan laat geskied. Hopelik sal dit ander munisipaliteite wie se water- en riooldienste in 'n benarde toestand is motiveer om saam met AfriForum te werk sodat behoorlike en betroubare dienste aan alle gemeenskappe gelewer kan word."

James van Zyl, takvoorsitter in Nylstroom, sê die aanleg is in 'n haglike toestand en daar sal dringend stappe gedoen moet word om die aanleg weer werkend te kry. "Ons span deskundiges gaan die aanleg eersdaags besoek om 'n volledige oudit te doen en aanbevelings maak vir ingrypings in die kort, medium en lang termyn. Daarna moet die herstelwerk en kundige bestuur van die aanleg dringend begin."

R150 miljoen vir watervoorsiening. AfriForum het die munisipaliteite op hul verantwoordelikheid aan die gemeenskap ingevolge die Wet op Waterdienste 108 van 1997 gewys. Dié wet bepaal dat almal 'n reg tot basiese water en sanitasie het, asook dat elke waterdienste-instansie redelike stappe moet doen om dié regte te verseker. Volgens wetgewing is die minimum hoeveelheid drinkwater 25 liter per persoon per dag of 6 kiloliter per huishouding per maand. Die wet vereis ook dat verbruikers nie vir meer as sewe dae per jaar sonder water mag wees nie. AfriForum gaan verder optree indien die munisipaliteite nie gehoor gee nie.

## ERMELO

AfriForum het 'n skrywe aan S.I. Malaza, waarnemende munisipale bestuurder van die Msukaligwa Plaaslike Munisipaliteit, gerig rakende voortslepende kragonderbrekings in die dorp.

Die munisipaliteit versuim om sy pligte en verantwoordelikhede uit te voer soos vervat in die lisensievoorwaardes van die energiereguleerder Nersa. Daar is gereeld kragonderbrekings wat die plaaslike ekonomie onder druk plaas en dit uitdagend maak om sake te doen. "Indien die munisipaliteit nie die nodige stappe doen om die probleme aan te pak nie, sal AfriForum 'n dispuut by Nersa verklaar," sê Corné Cronjé, AfriForum se bestuurder van Gemeenskapstrukture.

## KLERKSDORP

Die AfriForum-tak in Klerksdorp het die Matlosana Plaaslike Munisipaliteit op terme geplaas oor die haglike toestand van die dorp se rioolwerke. Die feit dat die meeste van die masjiene by die rioolwerke nie werk nie, het tot gevolg dat onverwerkte riool direk in die Schoonspruit invloei en die omliggende woonbuurte en boere nadelig raak. Daar is boere wat reeds vee verloor het weens die rioolbesoedeling in die water. Die tak het watermonsters by die invloei van die rioolwerke in die Schoonspruit geneem en die uitslae dui daarop dat die E. coli-telling te hoog is om te meet. 'n Ontmoeting is met die munisipaliteit by die rioolwerke gereël, waar AfriForum 'n kenner op die terrein aangestel het om die rioolwerke te evalueer. Die rioolwerke kan weer tot 'n werkende toestand herstel word teen 'n koste van sowat R10 miljoen. Indien die munisipaliteit nie reageer nie, sal AfriForum 'n hofbevel bekom om die munisipaliteit te dwing om die werk te doen, of alternatiewelik sal AfriForum 'n kontrakteur aanstel om die werk te doen en die geld gevolglik van die munisipaliteit verhaal.

## WARMBAD

'n Afvaardiging van AfriForum moes in September met Jamela Selapyane, munisipale bestuurder van die Bela-Bela Plaaslike Munisipaliteit, vergader, maar sy het dit op die nippertjie gekanselleer nadat 'n ander organisasie 'n strafregtelike klagte teen haar ingedien het. Die doel van die vergadering was om samewerking te bevorder, veral rakende die dorp se rioolaanleg aangesien die organisasie se blou-en-groendruppelverslag getoon het dat die rioolwater nie aan nasionale standaarde voldoen nie.

Piet Botha, ondervoorsitter van AfriForum se Warmbad-tak, sê Selapyane se optrede veroorsaak vyandskap tussen haar en die gemeenskap. "Sy kan egter nie aanhou weghardloop van haar verpligtinge teenoor die gemeenskap nie. AfriForum sal voortgaan om druk toe te pas en die tenderdokumentasie aanvra om te verseker dat daar aan die munisipale wetgewing voldoen word. Dit is duidelik dat die munisipaliteit nie hierdie inligting aan die publiek sal oorhandig nie en daarom sal ons die PAIA-proses volg om die inligting te bekom. Indien die munisipaliteit weier, sal ons hof toe gaan."

## PARYS

AfriForum en die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit het 'n ooreenkoms gesluit waarvolgens AfriForum die munisipaliteit met advies sal bystaan om die knellende probleme met water en sanitasie te help oplos.

Volgens Johan Kruger, AfriForum se hoof van Gemeenskapsontwikkeling, moet munisipaliteite die kundigheid en goedertrou in gemeenskappe met ooreenkomste soos dié ontsluit.




**Corné Cronjé**, **dr. Shepherd Melusi Mhlanga**, **Marlene van Staden**, **Morné Mostert** en **Johan Kruger**.




**Quinton de Kock**, paaltjiewagter van die Proteas.

# AfriForum gee sy regspan dié opdragte

Deur Alet Rademeyer

Politieke inmenging in hofsake en sport en vergrype deur die polisie het AfriForum die afgelope paar maande genoop om sy regspan opdrag te gee om ten minste drie sake dringend te ondersoek.

*AfriForum het sy regspan opdrag gegee om moontlike regsaksie teen polisiebeamptes wat hulle posisies vir politieke doeleindes misbruik, te ondersoek. Dít volg ná Bess Nkabinde, afgetrede regter van die Konstitusionele Hof, aangestel is om ondersoek in te stel na die onderskep van kommunikasie en haar intelligensieverslag aan die parlement se gesamentlike staande komitee oor intelligensie voorgelê het. Volgens Nkabinde is dit 'n skokkende werklikheid dat ondersoekers oneerlik is oor die redes vir hulle aansoeke om mense se kommunikasie te onderskep. Een só 'n voorbeeld is toe joernaliste se persoonlike kommunikasie onderskep is ná polisielede inligting gefabriseer het om toestemming by 'n regter te kry om die kommunikasie te onderskep.

* AfriForum het Krieket Suid-Afrika (KSA) se direktief waarin alle Protea-spelers gedwing word om die knie te buig, ten sterkste veroordeel. Ingevolge dié direktief moet alle krieketspelers wat Suid-Afrika in die T20 Wêreldbeker wil verteenwoordig, die knie buig. Indien die speler nie die knie buig nie, kan dit daartoe lei dat die speler uit die span gelaat word en sanksies deur KSA in die gesig staar.

Die eenparige besluit wat die KSA-raad op 25 Oktober geneem het, is 'n misbruik van gesag, sê Ronald Peters, AfriForum se bestuurder vir sport. "Hierdie besluit sal beslis nie die grondwetlike toets in die hof deurstaan nie aangesien dit heelwat regte skend wat deur die Grondwet beskerm word. Hierdie regte sluit in die reg op gelykheid en die reg om nie onbillik teen iemand te diskrimineer nie, die vryheid en sekuriteit van die persoon, vryheid van godsdiens, oortuiging en mening, vryheid van uitdrukking, vryheid van assosiasie en die reg om politieke keuses te maak."

AfriForum het vroeër ook in 'n mondelinge voorlegging voor KSA se Social Justice and Nation Building (SJN)-paneel gesê KSA het onder regeringsdruk en politieke inmenging geswig deur rassisme deur middel van rassekwotas struktureel deel van Suid-Afrikaanse krieket te maak. AfriForum is genooi om voor die paneel te verskyn nadat dié organisasie vroeër vanjaar 'n skriftelike voorlegging aan die SJN-komitee gemaak het. Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sê die organisasie is sterk gekant teen enige vorm van rassisme en rassekwotas in sport.



Dr. Llewellyn Curlewis



## Dít is hoekom AfriForum Dundee-boer bystaan

Politieke inmenging en rassevooroordeel wat gebruik word om die regsbeginsels van gelykheid en geregtigheid te beïnvloed, kan nie aanvaar word nie.

Om dié rede en in die lig van talle krisisse wat besig is om te verdiep weens die regering se onbevoegdheid om landsburgers te beskerm, verleen AfriForum regshulp aan Garth Simpson (68), 'n boer van Dundee in KwaZulu-Natal. Hy word van moord op Qiniso Dlamini (17) aangekla ná 'n skietvoorval op sy plaas enkele weke gelede. Simpson boer sedert 1975 op die grond. Die voorval hou verband met gesteelde vee wat hy op sy plaas geskut het. Hy het die polisie ontbied, maar hulle het nie opgedaag nie. 'n Struweling het na bewering ontstaan toe 'n groep jong mans die beeste uit die kraal wou jaag. Simpson is glo aangerand, waarna 'n skoot uit sy haelgeweer afgegaan en Dlamini gedood het.



Garth Simpson

"AfriForum het by hierdie saak betrokke geraak omdat dit lyk asof Simpson 'n baie goeie verweer openbaar en moontlik suksesvol sal wees in sy verdediging, mits hy goeie regshulp het tydens die verhoor en nie die slagoffer word van nou al holruggeryde politieke en rasgebaseerde aantygings nie," sê Ernst Roets, hoof van Beleid en Aksie by AfriForum.

AfriForum het dr. Llewellyn Curlewis, strafregkenner en dosent verbonde aan die Universiteit van Pretoria (UP), opdrag gegee om die meriete van die saak behoorlik te ondersoek voordat besluit is om betrokke te raak.

Simpson is intussen drie keer borgtog geweier. AfriForum appelleer teen die hofbeslissing.

# VERWESENLIK JOU WEGBREEKDROME!

DREAM
HOTELS & RESORTS

**AfriForum-lede kwalifiseer vir 20%-korting met 'n bespreking.**







PIEKENIERSKLOOF MOUNTAIN RESORT | Blue Marlin HOTEL | LITTLE SWITZERLAND RESORT | LE FRANSCHHOEK HOTEL & SPA | NIBELA LAKE LODGE

## DREAM HOTELS & RESORTS het 'n plekkie vir jou onder die son.







Kontak die sentrale besprekingskantoor

vir verdere inligting en besprekings by:

Tel: 0861 010 347 | E-pos: reservations@dreamresorts.co.za

# AfriForum Kongres:

AfriForum het in Oktober sy driejaarlikse nasionale kongres by ATKV Buffelspoort in Noordwes gehou.

Die tema van die kongres was: Dit is tyd om te versnel. Meer as **350 takbestuurslede** van reg oor die land het dit bygewoon.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, se boodskap was dat gemeenskappe vinniger 'n federale strategie en planne moet uitrol om by groter selfbestuur en minder staatsafhanklikheid uit te kom. Dit is algemeen bekend dat munisipale dienste oral in duie stort en die ANC-regering nie in staat is om die verval te keer nie. Om dié rede gaan AfriForum se gemeenskapstrukture meer op plaaslike regeringsvlak doen en die Pionier Dienstemaatskappy gebruik om water- en rioolstelsels weer te laat funksioneer. Ooreenkomste word met munisipaliteite gesluit, terwyl AfriForum sy kundigheid aanbied om hulle by te staan. Waar AfriForum die werk doen, sal munisipaliteite vir die uitgawes aanspreeklik gehou word.

Takbestuurslede het ook gehoor hoe belangrik dit is om hul gemeenskappe betrokke te kry by projekte wat ten doel het om kultuur en erfenis te bewaar. Voorts is klem geplaas op die versterking en uitbreiding van AfriForum se **164 buurtwagte** ten einde gemeenskappe te help om hulself te beveilig. Dít gaan toenemend belangrik word gegewe stygende misdaad en onluste wat toeneem.

Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, het die kongres afgesluit met 'n voorlegging oor selfbestuur. Hy het gesê Afrikaners het 'n probleem omdat hulle yl verspreid oor groot gebiede in die land is. Die oplossing hiervoor is 'n ankerdorpstrategie waar Afrikaners in groter dorpe kragte saamsnoer, waar infrastruktuur in stand gehou word en waar meer hulpbronne beskikbaar gestel word om skole, ouetehuise en ander dienste volhoubaar te lewer.



FOTO: ANDRÉ COETSEE

Kongresgangers by AfriForum se vierde nasionale kongres.

## KONGRESBORGE:

Ai SECURE SA CCTV DISTRIBUTORS

AKADEMIA

EXCOAL SOLAR

Hurter Spies Ing. prokureurs • attorneys

# Dis tyd vir versnelling




FOTO'S: MARTHINUS KOEKEMOER

KHUSELO GROUP
Pretoria FM 104.2 FM
OOM Orania Ontwikkelingsmaatskappy
SFD Solidariteit Finansiële Dienste

# SA se vullisterreine in gr

Deur Marthinus Koekemoer

Sedert AfriForum in 2014 die #SkoonSA-inisiatief geloods en sy jaarlikse vullisterreinouditverslag van stapel gestuur het, het die meeste vullisterreine wat deel van die oudit vorm stelselmatig agteruitgegaan. Dit sal inderwaarheid nie vergesog wees om te sê die oorgrote meerderheid van vullisterreine in die land is tans in ’n haglike toestand nie.


In 2021 het AfriForum se omgewingsakespan 153 vullisterreine besoek met net 27 wat ’n slaagsyfer behaal het. Gauteng het die beste gevaar met nege uit 17 wat geslaag het. Die Vrystaat se terreine het die vrotste gevaar met nie ’n enkele een van die 24 wat die oudit geslaag het nie. Selfs die Wes-Kaap het gesukkel met meer as die helfte van die vullisterreine in dié provinsie wat nie die paal gehaal het nie; slegs 12 uit die 27 terreine wat besoek is het aan die minimum vereistes voldoen.

In die Oos-Kaap was daar ook nie ’n enkele vullisterrein wat aan die minimum vereistes voldoen het nie. In Noordwes het darem twee uit 21 terreine geslaag.

Lambert de Klerk, bestuurder van Omgewingsake by AfriForum, sê die vrot prestasie kan aan verskeie faktore toegeskryf word. “Wanbesteding van fondse, swak instandhouding en ’n gebrek aan bekwame personeel is maar enkele probleme wat daagliks ondervind word. Die grootste uitdaging is amptenare in munisipaliteite wat weet hulle swak bestuur hou geen gevolge vir hulle in nie. Dit is kommerwekkend om te weet die meerderheid vullisterreine in Suid-Afrika voldoen nie eens aan die minimum vereistes nie, maar terselfdertyd is dit verstaanbaar aangesien geen munisipaliteite tot verantwoording geroep word oor die wanbestuur nie.”



Die vullisterrein in Bloemfontein.



Die vullisterrein buite Pretoria.



Die vullisterrein in Swartruggens.

# oot moeilikheid - verslag

Maar wat is die minimum vereistes waarna De Klerk verwys? 'n Vraelys met 33 vrae, wat in totaal 25 punte tel, is opgestel. 'n Punt van 80% of meer beteken die terrein voldoen aan die minimum vereistes. Wat die vraelys betref word alles van toegangsbeheer tot hulpbronne en rekordhouding gedek. Nie al die vrae dra egter dieselfde gewig nie.

Sedert AfriForum se vorige oudit is dit skokkend dat verskeie vullisterreine gesluit het, terwyl 'n paar steeds oop is nadat hul lisensies verval het. Sekere dorpe in die land het glad nie meer 'n vullisterrein nie.

Die vullisterreinouditverslag gaan met Barbara Creecy, minister van Omgewingsake, as 'n deurlopende gesprek – wat reeds in 2019 begin het – bespreek word en sal ook aan die Groen Skerpioene oorhandig word.

"Ons het reeds in 2019 met Creecy en haar span vergader. Ses terreine is geïdentifiseer wat ons wil herstel. In Mei 2021 is daar besluit om daadwerklik saam te werk en besoek aan die ses terreine af te lê en te werk aan oplossings om die terreine se uitdagings te pak," sê De Klerk.

Volgehoue druk van AfriForum het onder meer daartoe gelei dat die Naledi Plaaslike Munisipaliteit besluit het om die Vryburg-vullisterrein ten volle te rehabiliteer.

Gerhard Nieuwoudt, AfriForum se distrikskoördineerder vir Stellaland, het dié munisipaliteit genader, waarna die organisasie die proses gemoniteer het en ná afloop van 'n besoek bevestig het dat die munisipaliteit volstoom met die projek voortgaan. "Hierdie is 'n groot verligting vir die inwoners van Vryburg. Ná volgehoue druk kan ons vandag sê dat dit wel vrugte afgewerp het."

> "Die grootste uitdaging is amptenare in munisipaliteite wat weet hulle swak bestuur hou geen gevolge vir hulle in nie.

## WAT KAN GEMEENSKAPPE DOEN?

- **Plaas druk op munisipaliteite om afvalmoniteringskomitees te stig.**
- **Hou 'n maandelikse vergadering waartydens die toestand van die vullisterrein bespreek en doelwitte met haalbare teikens gestel word.**
- **Bou goeie verhoudings met die munisipaliteite en betrokke rolspelers.**
- **Dring aan op die aanstelling van 'n betroubare diensverskaffer wat bevoeg is om die werk te doen.**
- **Pas volhoubare druk toe via die afvalmoniteringskomitee om seker te maak dat die doelwitte wat gestel is, wel bereik word.**
- **Neem voltyds deel aan die gemeenskapsontwikkelingsplan (GOP) en lys die kwessies rondom die terreine.**




# Die Perfekte Geskenk vir Kersfees








**Slegs R149**
(Posgeld uitgesluit)

'n Greep uit die Afrikaner se geskiedenis wat deur 'n liefde vir Jesus Christus geïnspireer is.

# 128 volkleur bladsye, keurig saamgestel






## SLUIT IN:

• Generaal De la Rey • Generaal De Wet • President Paul Kruger
• Martinus Steyn • Danie Theron • Emily Hobhouse • George Schmidt
• David Livingstone • Andrew Murray • Carl Hugo Gutsche

## GESKIEDKUNDIGE DORPE SOOS:

• Wellington • Lydenburg • Pretoria • Krugersdorp

## BESTEL VANDAG NOG JOU EKSEMPLAAR!

Vir bestellings skakel ons kantoor by **021 852 4061** of gaan na ons webtuiste

**www.pioniers.co.za**




'n Koerier sal dit by jou aflewer



Bethal se groentetuin.

# GROENTETUINE gee hoop vir die toekoms

AfriForum-takke pluk ook nou die vrugte én groente van hul groentetonnelprojekte. Verskeie takke het in 2020 reeds begin om meer eienaarskap oor hul gemeenskappe se voedselsekerheid te neem met die plant en uitbreiding van groentetuine en -tonnels.

Die Christiana-tak het in Junie begin werk aan 'n volhoubare groentetuin by die Heil-Lof-sentrum op dié dorp. Taklede het reeds in 2020 'n paar groentebeddings by dié sentrum geplant. Saad wat deur AfriForum geskenk is en deurlopend geoes word sluit in beet, wortels, bone, tamaties, kool, waatlemoen, pampoen, sprietuie, uie, blaarslaai, broccoli, eiervrug, kiwivrug, aarbeie, turksvye, Brusselse spruite, lemoenpampoentjies en soetrissies.


'n Groep flukse vroue vanuit die Bloemhof-gemeenskap het in Mei vanjaar wéér nuwe saad in hul groentetuin geplant wat saam met die Volle Evangelie Kerk op die dorp bestuur word. Dié groentetuinprojek is in 2020 van stapel gestuur en verseker voedsel regdeur die jaar en sorg dat die kerk of AfriForum nie vir borge of donasies hoef te vra nie.

Schweizer-Reneke se tak het ook 'n groentetuinprojek saam met die Hoërskool Schweizer-Reneke se landbouklas begin en verwag hul eerste oes einde vanjaar.

> **'n Groep flukse vroue vanuit die Bloemhof-gemeenskap het in Mei vanjaar wéér nuwe saad in hul groentetuin geplant wat saam met die Volle Evangelie Kerk op die dorp bestuur word.**

Verder spog die Bethal-tak ook met die eerste spinasie-oes van hul groentetonnelprojek. Die eerste skadunette is in September 2020 oor dié stuk grond van 1 000 m² gespan en meer as 2 000 plantjies is geplant. Groente word in vier siklusse aangeplant sodat dit regdeur die jaar beskikbaar is.





# ONS PLANT BOME VIR AFRIKA

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

AfriForum vier boomplantmaand jaarliks in September en die organisasie se plaaslike takke het vanjaar opnuut gewys dat hulle diep in hul gemeenskappe gewortel is deur nagenoeg 400 bome by skole, klinieke, parke en polisiestasies te plant.

'n Rekordgetal van 100 bome is deur die Vanderbijlpark-tak by die Lochvaal-deurgangshuis en die Nanescol-begraafplaas geplant.

Kroonstad se tak het op Erfenisdag bome by Huis Edelkroon geplant en in George en Brits het die AfriForum-takke onderskeidelik 15 soetdoringbome en tien vrugtebome geplant. Die takke in Kraaifontein, Krugersdorp en Naboomspruit, asook die Teks (Trichardt, Evander, Kinross en Secunda)-tak het altesaam 168 bome aan skole in hul onderskeie gemeenskappe geskenk.

Takke in die Wes-Kaap was egter op die voorpunt tydens boomplantmaand:



Brits



Standerton



- Die tak in Stellenbosch het 'n bosvlier (*Nuxia floribunda*) in samewerking met Wildtrust en Stellenbosch Trail Fund as 'n gedenkboom langs die gewilde Koloniesland-wandelpad geplant.
- Die Malmesbury-tak het vier bome in Riebeeck-Kasteel geplant.
- Die Kaapstad-Noord-tak het in samewerking met Jesus in Aksie (JiA) 20 vrugtebome by die Brackenfell-stasie geplant.
- In Mosselbaai is 17 bome in Ysterhoutsingelpark geplant.
- Vyf bome is by die Langerugskool deur die Worcester-tak geplant.
- Die Kaap Agulhas-tak het vyf bome geskenk wat op die nuwe vaardigheidskool net buite Struisbaai se terrein geplant is.
- Die Overstrand-tak het 16 inheemse bome in Stanford voor die kliniek, die brandweerstasie en die gemeenskapsaal in Bezuidenhoutstraat geplant.
- Witstinkhoutbome is by die Somerset-Wes Primêre Skool en die Gloria Botha Skool geplant.
- AfriForum se Kaapstad-Noord-tak het vier bome in samewerking met die Blommendal Broken Window-projekspan in die Ysterhoutparkie geplant.

> "Plaaslike takke het vanjaar opnuut gewys dat hulle diep in hul gemeenskappe gewortel is ...

## Hierdie tipe bome is vanjaar geplant:



Kannabasbome (*Dais cotinifolia*)



Struike (*Viburnum sinensis*)



Spekbome (*Portulacaria afra*)



Waterpere (*Syzygium guineense*)



Witstinkhoutbome (*Celtis africana*)




Lede van AfriForum Jeug.

# AfriForum Jeug-lede wys hulle kan moue oprol

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

'n Onlangse meningspeiling deur UNICEF toon dat die COVID-19-krisis 'n beduidende impak op die geestesgesondheid van tieners en jongmense reg oor die wêreld gehad het. Nie net is hul onderrig ontwrig met die sluiting van skole en universiteitskampusse nie, maar talle aktiwiteite en byeenkomste wat 'n kenmerkende deel van hul jongmensjare uitmaak, is gevolglik gestaak.

Te midde van die inperkings en uitdagings het lede van AfriForum Jeug-takke reg oor die land egter nie toegelaat dat die pandemie hulle onderkry of keer om 'n verskil in hul gemeenskappe te maak nie.

Die jeugtak in **Christiana** het op verskillende terreine gewoeker. Watertoetse is



Die jeugtak van Kimberley.

uitgevoer tydens AfriForum se blou-en-groendruppelprojek, die plaaslike groentetuine wat die tak begin het is bewerk en verskeie goedvoelprojekte is van stapel gestuur. Hulle het ook gehelp om leë erwe, wat gereeld met rommel bestrooi word, skoon te maak.

**Kimberley** se jeugtak het saam met die Rapportryerbeweging, die Voortrekkers, Landsdiens en lede van die publiek die Burgermonument in Magersfontein skoongemaak en

> **Dié monument is laas in 2019 skoongemaak en meer as 90 mense het opgedaag en gehelp.**

kranse neergelê. Dié monument is laas in 2019 skoongemaak en meer as 90 mense het opgedaag en gehelp. Die tak het ook 'n skoonmaakprojek by die Konsentrasiekampmonument aangepak.

In **Piet Retief** het die jeugvleuel 'n projek van stapel gestuur om die groot kruis teen die N2-hoofweg te herstel.

In **Potchefstroom** het 25 jeuglede van die Puk-tak gehelp om die verkeerstrepe en voetoorgange op Die Bult in die dorp te verf om die paaie vir studente te beveilig.



AfriForum se internskapstudente.

## INTERNSKAP

Agt AfriForum Jeug-takbestuurslede van reg oor die land het ook onlangs 'n internskap by AfriForum se hoofkantoor in Centurion suksesvol voltooi. Hulle het verskeie opleidingsessies bygewoon, erfenisgebiede besoek, skaduwerk gedoen en moes uiteindelik 'n voorlegging oor die toekoms van AfriForum Jeug aan 'n uitgesoekte paneel in die Forum Films-ateljee aanbied.

Nina Wepener, 'n student aan die NWU-Pukke, sê die internskap het haar as introvert buite haar gemaksone gedwing. "Ek het geleer hoe om standpunte oor moeilike onderwerpe beter te formuleer en dit met selfvertroue oor te dra."


30 stappers het die Wesfrontvasbyt aangepak.

# Leierskap- en geskiedenisstaptoere

AfriForum Jeug bied aan jongmense die geleentheid om op 'n interaktiewe manier te leer hoe die Boeregeneraals destyds planne moes maak deur jaarlikse leierskap- en geskiedenisstaptoere soos die Wesfrontvasbyt. Volgens Marike Labuschagne, AfriForum Jeug se nasionale koördineerder vir jeugontwikkeling, is die doel van die staptoere om jong Afrikaners die regte geskiedenis oor hul voorouers op 'n praktiese en avontuurlustige manier te leer. Die toer strek oor 'n afstand van 50 km in vier dae na gebiede waar veldslae onder leiding van generaals soos De la Rey, De Wet en Cronjé plaasgevind het. Vanjaar het 'n rekordgetal van 30 stappers deelgeneem.

> **"Om self daar op die slagvelde te kon staan laat 'n mens opnuut besef hoe belangrik dit is om ons volk se erfenis te koester. Die lesse wat ons oor die geskiedenis geleer het maak my trots op wie ek is en opgewonde oor waarheen ek moontlik kan gaan.** – Janika Maritz, student aan die UP


Jonges tydens die Wesfrontvasbyt.

## TEENBOELIE-VELDTOG: VAN KRAG TOT KRAG

AfriForum Onderwys se teenboelieveldtog, wat sedert 2017 bewustheid skep teen boeliegedrag, het die land vanjaar plat getoer om kinders toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om as leiers in situasies op te tree waar afknouery plaasvind. Dié inisiatief besoek ook hoërskole en fokus daar op die tema van selfdood. Sedert Julie vanjaar het AfriForum Onderwys sy teenboeliegesprekke by 25 skole in Gauteng, Limpopo, die Wes-Kaap, die Vrystaat en die Oos-Kaap aangebied.

- **Volgens 'n UNESCO-verslag word bykans 250 miljoen kinders en jongmense jaarliks wêreldwyd afgeknou.**
- **25% van Suid-Afrika se ouers beweer dat hul kind al 'n slagoffer van afknouery of boeliegedrag was.**
- **Meer as die helfte (54%) van Suid-Afrika se ouers weet dat 'n kind in hul gemeenskap kuberafknouery ervaar.**


Leandie Bräsler

Stuur 'n e-pos na **tania.scheepers@afriforum.co.za** of **leandie.brasler@afriforum.co.za** indien jou kind se skool by hierdie veldtog en leierskapsontwikkeling betrokke wil raak.

# Vervolg ANC-lede óók vir apartheidsmisdade

Deur Alet Rademeyer

As die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) voortgaan om net sekere apartheidsmisdadigers te vervolg, sal AfriForum sy privaatvervolgingseenheid gebruik om ANC-lede en -leiers te vervolg wat ook nie amnestie vir hul brutale wandade in die stryd teen apartheid gekry het nie.

Die NVG en die Valke het vroeër vanjaar aangekondig dat 'n nuwe spesialiseenheid reeds begin het om meer as 50 sake uit die apartheidsjare te ondersoek. 34 voormalige polisiebeamptes is gewerf om die ondersoeke te doen, terwyl die NVG ook ervare aanklaers op kontrak aangestel het. Van die sake wat oorweeg word, strek tot in die vroeë 1960's.

Die besluit om te vervolg spruit uit die uitspraak van vier appèlregters in Junie vanjaar wat bevind het dat die regering van oudpres. Thabo Mbeki by die NVG ingemeng het om apartheidsvervolgings te keer. Die vervolgings is waarskynlik gestaak uit vrees dat ANC-lede ook vervolg kan word.

Die regters het bevind daar is tussen 2003 en 2017 ingemeng in die vervolging van meer as 300 beweerde moordenaars wat luidens die finale verslag van die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) vervolg behoort te word weens moorde op teenstanders van die destydse NP-regering. In 2019 het tien kommissarisse en aartsbiskop Desmond Tutu, voorsitter van die WVK, 'n brief aan pres. Cyril Ramaphosa geskryf en gesê die families van slagoffers voel hulle is deur die post-apartheidregering verraai en dat hulle antwoorde en 'n verskoning verskuldig is.

Die regters het ook bevind Joao Rodrigues (82), 'n voormalige veiligheidspolisieman, moet vervolg word op aanklag van moord op die SAKP-aktivis Ahmed Timol, wat byna 50 jaar gelede uit die kantoor van die veiligheidspolisie op die tiende vloer van die destydse John Vorsterplein na sy dood geval het.

Rodrigues het teen die beslissing geappelleer op grond van die tydsverloop sedert Timol se dood en aangevoer dat hy nie 'n billike verhoor sal kry nie. Hy het 'n aansoek in die Konstitusionele Hof gebring dat vervolging teen hom gestaak moet word. Die saak teen hom is egter in September van die hofrol geskrap nadat hy skielik gesterf het.

Die NVG het intussen voortgegaan om Christian Siebert Rorich, 'n voormalige offisier van die destydse veiligheidspolisie en plofstofdeskundige, aan te kla van die moord op drie lede van die Congress of South African Students (Cosas) in 1982. Eustice Madikela, Ntshngo Mataboge en Fanyana Nhlapo is dood in 'n ontploffing by 'n pomphuis by 'n myn in Krugersdorp. Die drie is glo destyds deur die voormalige askari (informant) Tlhomedi Ephraim Mfalapitsa na die myn gelok onder die voorwendsel van militêre opleiding. Die staat beplan om Mfalapitsa en Rorich se sake saam te voeg.

Nóg vervolgings in die pyplyn is vir die moorde op anti-apartheidsaktiviste soos Neil Aggett en Ernest Dipale.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sê indien die regering met vervolging wil voortgaan, moet ANC-lede en hul alliansievennote ook weens hul misdade soos bomaanvalle in openbare ruimtes tydens apartheid vervolg word. Die ANC het voor die WVK dié en ander misdade soos marteling en halssnoermoorde erken wat die lewens van tientalle burgerlikes geëis het. "Die vervolgings wat die NVG nou instel, gaan opnuut polarisasie in die land skep."

Die NVG het nog nie aangedui of hy van plan is om ANC-lede ook te vervolg nie.


Verskeie politieke kenners is van mening dat die land tydens apartheid in 'n oorlogsituasie gewikkel was en dat daar onaanvaarbare optrede aan albei kante plaasgevind het. Almal moet verantwoordelikheid aanvaar en indien die NVG mense vervolg, kan dit nie eensydig gedoen word nie.



> "Die boek van die verlede kan nie gesluit word as ANC-lede wat nie amnestie vir terreurdade gekry het nie, nie ook vervolg word nie.



# Burgerlikes was meestal slagoffers in ANC-aanvalle












Die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) het in die 1990's amnestie aan 106 ANC-lede geweier nadat hulle kollektief aansoek om amnestie gedoen het vir hul aandeel in die gewapende stryd teen apartheid.

Onder hulle was verskeie kabinetsministers, anti-apartheidsaktiviste en voormalige soldate van die ANC se gewapende vleuel, Umkhonto we Sizwe (MK), ook genoem die Spies van die Nasies.

In hul skrywes aan die WVK het hulle aangevoer dat niemand van hulle individueel by aksies betrokke was waarvoor hulle vrywaring wou vra nie. Die WVK het beslis dat om vir amnestie in aanmerking te kom, moet 'n daad, nalatigheid of oortreding die basis vir die aansoek wees en in dié geval het die aansoekers nie aan die vereistes van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Rekonsiliasie 34 van 1995 voldoen nie.

In die finale verslag van die WVK wat in 2003 vrygestel is, neem die WVK kennis dat dit nie die doelwit van MK was om burgerlikes of wit mense te teiken nie. "Ondanks die edel bedoelings was die meerderheid van gesneuweldes in MK-operasies wel burgerlikes," het die kommissie bevind.

Volgens die WVK is 71 mense in aanvalle tussen 1976 en 1984 dood. Hiervan was 52 burgerlikes en 19 lede van die veiligheidsmagte. Onder die burgerlikes was wel mense wat die ANC as wettige teikens beskou het soos raadslede, sogenaamde verraaiers van die gewapende stryd, staatsgetuies by ANC-verhore en mense wat verdink is dat hulle informante vir die destydse NP-regering was. Van die aanvalle en martelings, ook in ANC-strafkampe soos Quatro in Angola, was brutaal en onmenslik. ANC-gevangenes is dikwels ook volgens die wrede halssnoermetode om die lewe gebring waar 'n buiteband om iemand se nek geplaas en aan die brand gesteek is.

Die WVK het ook verwys na motorbomme wat buite geboue van die veiligheidsmagte ontplof het waarin hoofsaaklik burgerlike verbygangers gedood is.

Luidens die WVK-verslag het gewapende aanvalle tussen 1963 en 1976 byna tot 'n halt gekom. Tussen 1961 en 1963 was daar sowat 190 aanvalle tydens operasies in Johannesburg, Durban en Kaapstad. Gewapende aanvalle in die land het so te sê in 1963 tot stilstand gekom met die inhegtenisneming van sleutel-MK-lede wat tot die Rivonia-verhoor en daarna gevangenisstraf van mense soos Nelson Mandela, Walter Sisulu, Ahmed Kathrada, Andrew Mlangeni, Elias Motsoaledi, Govan Mbeki en Raymond Mhlaba op Robbeneiland gelei het. Die 1976 Soweto-opstande het nuwe stukrag aan die ANC gegee en tussen 1976 en 1984 was daar sowat 265 aanvalle wat sluipmoorde en aanvalle op polisiestasies ingesluit het. MK-aktiwiteite het tussen 1985 en 1988 skerp toegeneem met sowat 300 aanvalle wat in 1988 aangeteken is. Aanvalle het voortgeduur selfs ná die ontbanning van die ANC.

Die WVK het meer as 22 000 verklarings van slagoffers gekry en openbare verhore gehou waar hulle oor growwe menseregteskendings getuig het aan beide kante van die stryd teen apartheid. Die dade is geïdentifiseer as marteling, moorde, verdwynings, ontvoerings en gruwelike mishandeling. Die WVK het in totaal meer as 7 000 aansoeke vir amnestie gekry, 2 500 verhore gehou en 1 500 aansoeke toegestaan.



> "ANC-lede en hul alliansievennote moet ook weens hul misdade soos bomaanvalle in openbare ruimtes tydens apartheid vervolg word.

# Vervolg ANC-lede en sy alliansievennote ook vir misdade

**WAT VAN HÚLLE?**


**Oudpres. Thabo Mbeki**


**Oudpres. Jacob Zuma**


**Geraldine Fraser-Moleketi** (voormalige minister van Welsyn)


**Frene Ginwala** (voormalige speaker van die parlement)


**Pallo Jordan** (voormalige minister van Toerisme)


**Penuell Maduna** (voormalige minister van Minerale en Energie)


**Zola Skweyiya** (voormalige minister van Openbare Werke)


**Baleka Mbete-Kgositsile** (voormalige adjunkspeaker van die parlement)


**Mac Maharaj** (voormalige minister van Vervoer)


**Billy Masethla** (stigterslid van Cosas)


**Mathews Phosa** (voormalige premier van Mpumalanga)


**Ngoako Ramatlhodi** (voormalige minister van Staatsdiens en Administrasie)


**Snuki Zikalala** (president van die ANC se Veteraneliga)


**Barry Gilder** (voormalige MK-soldaat)


**Godfrey Ngwenya** (voormalige hoof van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag)


**Charles Nqakula** (voormalige minister van Verdediging)


**Tokyo Sexwale** (voormalige premier van Gauteng)


**Joel Netshitenzhe** (voormalige raadgewer in die Presidensie)


**Trevor Manuel** (voormalige minister van Finansies)


**Sankie Mthembi-Mahanyele** (voormalige minister van Behuising)



**Essop Pahad** (voormalige minister in die Presidensie)

Vooraanstaande ANC-lede, wat ook destyds aansoek om anmestie gedoen het en reeds dood is, sluit in Joe Modise (voormalige minister van Verdediging), Joe Nhlanhla (voormalige hoof van Intelligensie), Dullah Omar (voormalige minister van Justisie), Steve Tshwete (voormalige minister van Sport), Peter Mokaba (voormalige adjunkminister van Omgewingsake en Toerisme), Jackie Selebi (voormalige nasionale polisiekommissaris), Alfred Nzo (voormalige minister van Buitelandse Sake) en Manto Tshabalala-Msimang (voormalige minister van Gesondheid).

AFRIFORUM HOU JOU VEILIG.

AfriForum 911

In samewerking met RESPONSE 24




Besoek www.afriforum911.co.za

Toepnavrae: 010 312 5790 | Noodnommer: 086 111 6154

Laai die AfriForum 911-noodknoppietoep af:

GET IT ON Google Play

Download on the App Store

# Vroue stap met louere weg in entrepreneurskompetisie

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

Die dames het vanjaar skoonskip gemaak by AfriForum Sakenetwerk se Entrepreneur van die Jaar-kompetisie. Tydens dié spoggerige geleentheid, wat by Mongena Game Lodge in die Dinokeng-natuurreservaat aangebied is, is Elzabeth van der Bijl, eienaar van Fynbos, en Alita du Plessis, eienaar van Purple Carrot, as die onderskeie kategoriewenners in die kompetisie aangewys.

Sedert 2017 het meer as 250 entrepreneurs vir dié kompetisie, wat in samewerking met Akademia, Steyn IP, Pretoria FM en Bok Radio aangebied word, ingeskryf en meer as 7 000 lede van die publiek het vir hul gunstelinge gestem. Daar was vanjaar twee kategorieë en nie meer net een soos voorheen nie – entrepreneurs wat tussen een en sewe jaar handeldryf en entrepreneurs wat langer as tien jaar handeldryf kon inskryf. Om deur te dring na die toptien van elke kategorie moes die publiek en deelnemers se volgelinge vir hulle stem. Daarna is hulle portefeuljes beoordeel as keuring vir die topvyf, waarna die topvyf (wat vanjaar almal vroue was) aanbiedings voor 'n paneel kenners moes doen.

Du Plessis sê hoewel sy al langer as 18 jaar 'n entrepreneur is, het sy deur dié kompetisie baie oor haarself geleer. Sy glo ook dat talle entrepreneurs se onvermoë om kritiek te hanteer en dat hulle op kliënte eerder as net die produk fokus, dikwels hul ondergang is. "Kritiek is nie 'n aanval nie, maar 'n geleentheid om te verbeter en jou produk net verder en beter uit te bou."

## Wenners!




Van der Bijl het op haar beurt gesê dat entrepreneurs gereeld hul vaardighede moet opskerp en aanpasbaar met modes, tye en tegnologie moet wees om te oorleef. As 'n entrepreneur in die uiters kompeterende modebedryf glo sy ook in deeglike marknavorsing en om kanse te waag. "Dit gaan nooit soos die 'regte tyd' voel om 'n besigheid te begin nie. Wie nie waag nie, wen nie."

Volgens Sanderien van der Walt, bestuurder van AfriForum Sakenetwerk, bied dié kompetisie nie net ongelooflike pryse nie, maar ook die ideale geleentheid vir entrepreneurs wat 'n publisiteitshupstoot nodig het en uitstekende advies van kundiges in die gebied wil ontvang. Sy voeg by dat die finaliste in vanjaar se kompetisie bewys het dat hulle ondanks uitdagings rondom COVID-19 en danksy hul harde werk steeds die vrugte van hulle arbeid kon pluk.

AfriForum Sakenetwerk het vanjaar ook as deel van die kompetisie verskeie webinare en werkswinkels aangebied om nuwe én ervare entrepreneurs meer oor leierskap, finansies, sosialemediabestuur en vele meer te leer.

"Hierdie inisiatief en kompetisie het weer opnuut bewys dat Afrikaans nie dood is in die sakewêreld nie. Baie mense kry nie meer 'n werk op die 'tradisionele manier' nie. Afrikaners skep dan, soos ons al dikwels voorheen moes doen, ons eie geleenthede en bewys dat ons net meer innoverend word as ons probleme het of onderdruk word," sê Divan Botha, beoordelaar, mede-eienaar van The Whippet in Linden en aanbieder van *Winslyn* wat op kykNET uitgesaai word.

Hy het bygevoeg dat veral Afrikaanse vroue-entrepreneurs tans leiding neem in die sakewêreld en ongelooflike werk in hul onderskeie industrieë doen.



Entrepreneurs, organiseerders en beoordelaars by AfriForum Sakenetwerk se Entrepreneur van die Jaar-kompetisie.

FOTO'S: PHILIP ROBINSON

### DÍT IS VAN DIE PRYSE WAARMEE VANJAAR SE WENNERS WEGGESTAP HET:

- **Mediablootstelling op Pretoria FM en Bok Radio.**
- **Handelsmerkuitbreiding deur die digitale bemarkingsagentskap Kwikstert.**
- **Mentorskap deur Daniel Strauss, sakeman en waagkapitalis, of Jaco Gerrits, internasionaal bekroonde tegnologiese entrepreneur.**
- **R50 000 vir die entrepreneur wat tussen een en sewe jaar handeldryf.**
- **Bemarkingsprodukte ter waarde van R15 000 vir die entrepreneur wat langer as tien jaar handeldryf.**

# AfriForum-buurtwagte aan die voorpunt om gemeenskappe te beskerm én te bemagtig

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

*Vanjaar se verwoestende onluste in KwaZulu-Natal en Gauteng het opnuut gewys dat die SAPD nie gerat is om alleen misdaad doeltreffend te beveg nie. Gemeenskappe maak toenemend op buurtwagte staat om hul veiligheid te verseker en AfriForum se buurtwagte is danksy deurlopende opleiding, gehaltetoerusting en goeie samewerkingsooreenkomste slaggereed om gemeenskappe te beskerm.*



## Waterkarre maak doeltreffende brandbestryding moontlik

- **Die buurtwagte in Groter Pretoria-Noord, Springs en Mooinooi het waterkarre aangekoop om hul onderskeie gemeenskappe en brandweerdienste te help tydens onluste en brande.**
- **Die Bothaville- en Witrivier-buurtwag het nog nie waterkarre aangekoop nie, maar het wel onderskeidelik gehelp om brande in woonstelblokke en reservate te blus.**
- **Buurtwagte in Bloemfontein het 28 veldbrande in die gebied bestry, terwyl die Dullstroom-buurtwag gehelp het om voorbrande te maak.**
- **Die Bo Karoo-buurtwag het in samewerking met Saai, die Orania Beweging, plaaslike boere en ander organisasies die verwoestende brande wat vroeër vanjaar in dié gebied gewoed het, onder beheer gebring.**

## Verdagtes word vasgekeer en gesteelde goedere terugbesorg

- **Die buurtwagte in Bloemhof en Potchefstroom het gehelp om 'n gesteelde voertuig op te spoor.**
- **Die buurtwagte in Brits, Stilfontein en Riversdal se onderskeie protospanne het vermeende misdadigers aangekeer.**
- **Bothaville se buurtwag het gereageer op 'n noodoproep oor 'n vrou en haar twee kinders wat deur haar gewese vriend ontvoer is. Die verdagte is vasgetrek.**
- **Buurtwagte in Potgietersrus, Pietersburg, Naboomspruit, Nylstroom en Warmbad het die SAPD gehelp om drie verdagtes vas te trek wat uit polisieaanhouding ontsnap het.**
- **Die Messina-buurtwag het beslag gelê op gesmokkelde sigarette met 'n straatwaarde van R676 000.**
- **Die buurtwag in Vaalharts het op 'n taverne toegeslaan wat drank verkoop het en vir rusverstoring verantwoordelik was. Die drank is gekonfiskeer en die eienaar beboet.**
- **Die Benoni-buurtwag het hulp verleen op vier motorongelukstonele, terwyl buurtwaglede ook drie vermiste persone help opspoor het.**
- **Die Moreletapark- en Grootfontein-buurtwag het vyf verdagtes in die Grootfontein-gebied vasgetrek.**



## AfriForum se veiligheidskameras hou kwaaddoeners dop en help om misdaad te bekamp in hierdie gebiede:

- **Wes-Moot**
- **Zeerust**
- **Centurion**
- **Malelane**
- **Cairn-Burnside**



## Deurlopende opleiding is belangrik om buurtwaglede se vaardighede te slyp

- **Die Boksburg-buurtwag het vlak 1-noodhulpopleiding ontvang.**

> **Die geskiedenis het gewys dat noodsituasies mense kan laat saamtrek. Dié verleentheid van misdaad skep ’n geleentheid vir gemeenskappe om saam te staan en wet en orde te handhaaf.**
> – Kallie Kriel



AfriForum se buurtwagte hou gereeld patrollies.

- **AfriForum Gemeenskapsveiligheid het hul tweede nasionale protospanopleiding suksesvol aangebied. Dié opleiding, wat oor ses dae gestrek het, fokus op sowel ’n fisiese as akademiese vlak. Die kursus sluit onder meer daaglikse uurlange selfverdedigingsessies, lesings oor regsaspekte, radiospraakprosedures, toneelhantering en verskeie ander relevante modules in. Studente voltooi ook ’n gevorderde en geakkrediteerde kursus in bloedingbeheer en ontvang twee dae lange gevorderde taktiese skietopleiding.**



### Witrivier-buurtwag onthul mobiele beheerkamer

Die Witrivier-buurtwag het ’n nuwe mobiele beheerkamer vir sy lede ingewy wat ontplooi word tydens enige situasie wat dit toelaat. Die beheerkamer is binne-in ’n Toyota Quantum-bussie ingebou wat deur die Witrivier-tak aangekoop is. Van die bussie se sitplekke is verwyder en daar is stoorplek ingebou vir die buurtwag se toerusting. Verder is daar ook binne die bussie sitplek vir lede wat aan diens is om te help met die bestuur en kommunikasie tydens insidente. Alle koördinering sal deur die lede in die bussie hanteer word en daar sal te alle tye boek gehou word van lede se optrede op die grond om te verseker dat hulle veilig bly.




### Nuwe Forum Sekuriteit-beheerkamer se deure amptelik geopen

Forum Sekuriteit, ’n privaat sekuriteitsmaatskappy wat deur AfriForum ondersteun word, het onlangs sy nuwe beheerkamer by AfriForum se hoofkantoor in Centurion amptelik geopen. Die nuwe beheerkamer, wat toegerus is met gevorderde sagteware en kameras wat deur AI Secure SA verskaf is, sal die maatskappy help om sy kommunikasie en insameling van inligting te verbeter sodat hy suksesvol met die SAPD, ander privaat sekuriteitsmaatskappye en instansies kan koördineer en proaktief in noodgevalle kan optree om misdaad te bekamp. Die maatskappy het ook ’n samewerkingsooreenkoms met AfriForum se 164 plaaslike buurtwagte onderteken om hulp reg oor die land te ontbied.

> **Die mees onlangse nasionale patrollie was ’n reusesukses met 3 000 patrolleerders wat ’n totaal van 74 016 km afgelê het.**

## AFRIFORUM BESKIK TANS OOR:

- **’n gevestigde nasionale radionetwerk en beheerkamers in verskeie provinsies;**
- **164 buurtwagte;**
- **12 500 buurtwagvrywilligers; en**
- **53 hommeltuigoperateurs.**



# AfriForum bly op voorpunt veg teen belaglike wetgewing

Deur Alet Rademeyer

*Die ANC-regering en sy instellings het die afgelope maande verskeie onaanvaarbare en verreikende wetsontwerpe gepubliseer waarteen AfriForum hewig beswaar gemaak en kommentaar ingedien het.*

## SAUK-wetsontwerp

AfriForum het kommentaar teen dié wetsontwerp in sy huidige vorm ingedien deur 'n skriftelike voorlegging aan die minister van Kommunikasie en Digitale Tegnologie te stuur. Die wetsontwerp is nie 'n ingrypende opknapping van die SAUK nie en dit is onwaarskynlik dat die gestelde doelwit van vaartbelyning noodwendig tot 'n toename in bedryfsvermoë sal lei of politieke inmenging en patronaatnetwerke sal voorkom.

Jacques Broodryk, bestuurder van Veldtogte by AfriForum, sê die wetsontwerp is nie tans rampspoedig nie, maar dit verteenwoordig egter 'n beduidende, dog verspeelde geleentheid vir broodnodige en betekenisvolle hervorming aan SAUK-strukture. "Die krisis waaronder die SAUK sedert die vroeë 2000's gebuk gaan, is goed gedokumenteer. Die openbare uitsaaier het ook nie Zumafisering vrygespring nie, terwyl die sirkus van korrupsie en wanbestuur die openbare uitsaaier ook met tye onkapabel gelaat het om sy grondwetlike mandaat uit te voer."



Die SAUK se kantore in Johannesburg.



## Wetsontwerp op Onteiening

AfriForum het kommentaar – tesame met die name van sowat 47 000 mense – by die parlement ingedien wat onteiening sonder vergoeding in sy geheel verwerp. Die Grondwet laat alreeds grondhervorming toe en 'n restitusieproses is al vir dekades gereed om grondeise deur diegene wat in die verlede ontneem is, aan te pak. Hierdie wettige proses is egter deur korrupsie, kaderontplooiing en wanbestuur ontspoor. Wat uiters kommerwekkend is, is dat die ANC – ondanks die oorgrote meerderheid kommentaar teen die wysiging van die Grondwet – die kommentaar ignoreer en voortgaan om afbrekende wysiging na te streef. Onteiening sonder vergoeding is immorele diefstal en AfriForum sal aanhou om dit te beveg.

## Wetsontwerp op die Grondhof

AfriForum verwerp ook dié wetsontwerp wat daarop gemik is om twee nuwe howe, naamlik die Grondhof en die Grondappèlhof, te skep. Volgens AfriForum moet die Grondhof nie 'n billikheidshof wees nie. Vir regsekerheid behoort die Grondhof slegs 'n geregshof te wees en dit kan ook nie op 'n informele grondslag werk nie. Die voorgestelde Grondhofwetsontwerp bevat 'n legio aspekte wat nie sin maak nie en misbruik kan word.

## Konsepregulasies vir skaliegasboorwerk

AfriForum en die Treasure the Karoo Action Group (TKAG) het kommentaar by die Departement van Water en



Skaliegasontginning kan drastiese gevolge vir die omgewing inhou.

Sanitasie (DWS) hieroor ingedien. Die DWS is ingelig oor 'n onreëlmatigheid met betrekking tot die uitstel van die kommentaarperiode en AfriForum het versoek dat die kommentaarperiode heringestel moet word met 'n minimum periode van 60 dae soos per beste praktyk in kwessies van dié aard. "Hierdie nuwe konsepregulasies, en die proses om skaliegas te myn wat deur die regulasies ondersteun word, sal water in wese bedreig, eerder as dit beskerm – en na ons mening werk dit teen die mandaat en plig van die DWS wat daar is om Suid-Afrika se waterhulpbronne te beskerm," voer Lambert de Klerk, hoof van Omgewingsake by AfriForum, aan.

## Wysigings aan Gelykheidswet (PEPUDA)

AfriForum het in samewerking met die Begrond Christelike Navorsingsinstituut kommentaar teen die voorgestelde wysigings aan die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000 (ook bekend as PEPUDA) ingedien. Die instellings verwerp die wysigings. Ingevolge die voorgestelde wysigings word die definisie van die term diskriminasie sodanig verbreed dat selfs onbedoelde diskriminasie daarby ingesluit word. Burgerlike instellings en organisasies sal volgens dié wysigings aanspreeklik gehou word vir die optredes van hul lede en personeel. "Die wysigings sal die regering die regsruimte bied om die hele samelewingsorde soos wat ons dit ken omvêr te werp sodat dit volgens hul ideologie gevorm kan word. Gemeenskappe het die reg en verantwoordelikheid om hulself te orden en binne instellings uit te leef in ooreenstemming met hul geloof, waardes en kultuur," sê Barend Uys, hoof van Interkulturele Samewerking by AfriForum.

"'n Verdere implikasie is dat gelowiges nie meer hul geloof openlik sal kan uitleef of selfs preek of evangeliseer sonder die moontlikheid van vervolging nie. Geloofsvryheid sal aan bande gelê word," sê dr. Wikus Buys, uitvoerende direkteur van Begrond.

## Voorgestelde wetsontwerp op Voorkoming en Bestryding van Haatmisdaad en Haatspraak

AfriForum het wéér kommentaar hieroor aan die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling voorgelê nadat die wetsontwerp (ook in 2019 voorgestel) weer vir kommentaar oopgestel is. Die grondwetlike standaard oor haatspraak is vryheid van spraak wat nie strek tot die aanhitsing van haat gebaseer op ras, etnisiteit, geslag of godsdiens nie en wat nie neerkom op aanhitsing tot geweld nie. "Volgens die wetsontwerp sal die blote aanhitsing van haat of skade egter genoeg wees om as haatspraak beskou te word en dit kan ook as 'n strafregtelike oortreding gesien word wat met tronkstraf strafbaar is. Volgens AfriForum kan haatspraak net dít wees as daar 'n direkte oproep tot aksie is om teen 'n persoon of groep op te tree, gebaseer op die vier gronde wat in die Grondwet uiteengesit is, naamlik ras, etnisiteit, geslag en godsdiens. Die wetsontwerp gaan die stryd teen werklike haatspraak belemmer omdat dit die terme te breed definieer," verduidelik Ernst van Zyl, veldtogtebeampte by AfriForum.




## Wysigingswetsontwerp op Rampbestuur

AfriForum het dié wysigingswetsontwerp verwelkom en meen dit moet so spoedig moontlik goedgekeur word. Die woord *lockdown* kom nie in die Wet op Rampbestuur 57 van 2002 voor nie, asook in geen ander nasionale statuut of wetgewing nie. En tog het dié nuwe woord – wat 'n reeks van voortdurend veranderende maatreëls en stelsels behels – verweef geraak met die uitvoerende gesag se reaksie op die COVID-19-pandemie. Die wysigingswetsontwerp sal dié ongrondwetlike toedrag van sake regstel. In wese is dit daarop gemik om 'n mate van oorsig aan die nasionale regering terug te gee en om die uitvoerende gesag se magsoorskryding te beperk wat oor die afgelope 18 maande – sedert die aankondiging van 'n nasionale ramptoestand – vanselfsprekend geword het. Dit is vir bykans twee jaar lank al die alleenreg van 'n onverkose, dog uitgekose groep mense om te besluit of basiese regte en vryhede geniet mag word. "Die wysigingswetsontwerp sal die Wet op Rampbestuur met grondwetlike prosedures belyn wat betref noodtoestande, wat aan die beginsel van die skeiding van mag voldoen en behoorlike oorsig bewerkstellig," sê Marnus Kamfer, regs-en-risikobestuurder by AfriForum.

## Kommentaar teen ontwikkeling

AfriForum het kommentaar ingedien teen die ontwikkeling van die Matlakeng Uitbr. 11- informele nedersetting. Dít volg ná talle inwoners van Zastron ongelukkig was oor die voorgestelde uitbreiding. Die kommentaar is gerig aan Sapphire Environmental Consulting, aan wie belanghebbendes kommentaar kon indien oor die voorgestelde ontwikkeling.

Die voorgestelde area vir die ontwikkeling is geleë in die Zastron-gebied en val onder die Mohokare Plaaslike Munisipaliteit. 'n Gedeelte van die ontwikkeling val binne 'n bewaarde gebied bekend as Aasvoëlberg. Dit is 'n broeiplek vir die bedreigde Kaapse aasvoëlspesie en ontwikkeling in hierdie gebied sal ernstige gevolge vir die aasvoëls inhou. Volgens Jaco Grobbelaar, AfriForum se hoof van Gemeenskapstrukture vir die sentraalstreek, kan daar nie toegelaat word dat die natuurlike broeiplek van die aasvoëls skade ly nie.



# 'Ons het mense nodig wat baklei'

Deur Alet Rademeyer

Jannie du Toit (70), bekende en begaafde liedjieskrywer en sanger wat vanjaar 'n halfeeu in die musiekbedryf vier, is 'n lid en ondersteuner van AfriForum en glo die land het mense nodig wat nog opstaan en vir 'n saak baklei.

"Ek kan nie self baklei nie. Ek werk eerder net. Maar ek staan bankvas agter mense soos AfriForum wat namens ons kliphard dinge doen. Daar is niks mee verkeerd om 'n bietjie vuis in te lê vir Afrikaans nie."

Du Toit se 50 jaar in die bedryf is onlangs met 'n spesiale vertoning getiteld *Kunstefees in die kleine* by AfriForum Teater gevier. Dit het uit drie produksies bestaan. Hy het self die liedjies vir die een produksie gekies en saam met ou vriende soos Coenie de Villiers, Anna Davel, Lochner de Kock, Laurinda Hofmeyr en Gisela de Villiers opgetree.

Du Toit sê 50 jaar in die bedryf voel maar tipies soos van tyd. "Aan die een kant voel dit soos nou die dag dat my loopbaan afgeskop het en aan die ander kant soos lank gelede ..."

Sy loopbaan het 'n baie interessante pad geloop en oor elke geleentheid is hy diep dankbaar.

Du Toit se bydrae tot die Suid-Afrikaanse musiek-en-liriek-beweging is van onskatbare waarde. Hy is uitgesproke daaroor dat hy nooit musiek gemaak het volgens "die spesifieke resep van die tyd nie". Dit was altyd vir hom belangrik dat musiek en liriek nie bloot 'n "handelsmerk" moet wees nie. "Ek het nooit probeer om kommersieel te wees nie en dit het nie vir my saak gemaak dat ek minder as ander kunstenaars verkoop het nie. Vir my is dit steeds belangrik dat ek aan die einde moet voel dat 'n liedjie wat ek geskryf het iets beteken en my hart bevredig."



**Jannie du Toit** en **Alet Rademeyer**.

Sy siening dat musiek en liriek van goeie gehalte bymekaar moet kom, is ook beïnvloed deur die werk van Nederlandse en Vlaamse sangers waar die luisterliedjie sy oorsprong het. Skrywers soos wyle Hennie Aucamp en Stephan Bouwer het Du Toit en ander van die luisterliedjie vertel wat hulle as moderne folk verduidelik het. Soos die tipe musiek wat Simon & Garfunkel en Donovan Leitch (Du Toit se gunsteling) gemaak het. "Dis musiek waar woorde en teks mekaar aanvul. Beslis nie die soort musiek wat bedoel is om op gedans te word nie of wat 'n klomp mense kan saamsing nie," verduidelik Du Toit.

Du Toit het nie daarvan gehou dat daar in 'n stadium as 't ware "afgepraat" is na die Afrikanervolk nie en dat die uitgangspunt van platemaatskappye was dat die woorde en lirieke van 'n liedjie tog net nie te ingewikkeld moet wees nie. "Ek het en glo vandag nog ons kan beter doen en wonderlike goed in Afrikaans skep."

Sy eerste amptelike "openbare" optrede was in 1971 toe Fanus Rautenbach sy Flinkveria-konsert by Bronkhorstspruit gehou het. Du Toit se twee niggies het saam met Rautenbach getoer, gesing en klavier gespeel. Daar was een spesifieke

lied wat hy wou hê hulle moet sing en toe vra hy of hulle nie iemand ken wat kitaar kan speel nie. Die res is geskiedenis. 'n Plaat is oor die fees uitgebring en dit is ook oor die radio uitgesaai. Dieselfde jaar het hy saam met Morg Jacobs begin sing en Trilogie het tot stand gekom en liedjies soos "Boggom" en "Voetsek" was van die eerstes wat hulle gesing het. Toe Suid-Afrikaanse televisie in 1975 met toetsuitsendings begin het vir 'n uur lank elke aand, was Trilogie vier keer binne 'n paar maande op TV. "Dit was 'n prestasie om op televisie te wees!" sê Du Toit.

Die jaar daarna het hulle vir die American Song Festival-kompetisie ingeskryf én 'n prys gewen. "Dit het ons laat voel ons poging is geslaag om in Afrikaans te skryf. Die treffer was 'Droom langs stille waters', maar dit het ironies genoeg nooit plaaslik gewild geraak nie."

Baie toere en optredes plaaslik én in die buiteland het daarna gevolg. Du Toit het in 21 lande opgetree en vir 25 jaar van sy loopbaan het sy musiekreis ook wyle Christa Steyn, begaafde pianis en komponis, ingesluit. Almal onthou nog die Jannie-en-die-tannie-dae in die 1990's. "Wat 'n wonderlike mens was sy nie. Ek was so geseënd en dankbaar dat ek saam met haar kon werk."

Du Toit het verskeie musiekblyspele soos *Luister na die liedjies, Loeloeraai* en *Gansdans* die lig laat sien wat tot die Afrikaanse musiekskat bygedra het.

Sy bekendste liedjie is waarskynlik "'n Liedjie vir jou", terwyl ander soos "Drie-uur in die môre", "Volgende winter", "Vrede vanaand" en "Ons twee" vir hom ook uitstaan. Nog een van sy bestes is "Jy kyk sag" wat hy vir sy vrou Therina geskryf het.

Hoewel COVID talle kunstenaars se inkomste en loopbane ernstig geknou het, is Du Toit verheug dat hy tog verlede jaar met Kersprogramme en 'n toer kon voortgaan. Van die 35 optredes moes net vyf gekanselleer word.

Du Toit meen die opening van AfriForum Teater skep in moeilike tye 'n groot uitkoms en geleenthede vir kunstenaars. "Ek weet nie wat sou geword het as AfriForum nie dié teater oorgeneem het nie. Dit is 'n fantastiese plek."

Wat die toekoms betref, sê Du Toit hy sal aanhou musiek maak tot hy die dag nie meer kan nie.



**Jannie du Toit** by AfriForum Teater.

FOTO'S: JHUA-NINE WYRLEY-BIRCH



# AfriForum spring in om Olimpiese medaljewenners te help

Deur Marthinus Koekemoer

Kort nadat Tatjana Schoenmaker en Bianca Buitendag van die Olimpiese Spele in Tokio teruggekeer het, het dit aan die lig gekom dat die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (SASKOK) nie die geld het om hulle vir die medaljes wat hulle gewen het, te vergoed nie.

AfriForum het toe 'n veldtog afgeskop om fondse vir die twee Olimpiese helde in te samel.

Verskeie bekendes – insluitend die sanger Adam Tas, Kwagga Boucher, uitvoerende hoof van Die Wynboer, en die oud-Springbokrugbyspeler Schalk Burger Sr. – het op hul beurt op verskillende maniere aangebied om te help. Nathi Mthethwa, minister van Sport, Kuns en Kultuur, het op Twitter deurgeloop en sy bedanking is geëis, maar hy het volgehou sy departement het genoeg gedoen om die land se atlete finansieel by die Spele te ondersteun.

AfriForum het uiteindelik meer as R100 000 ingesamel. Hierdie fondse is bygedra tot 'n groter skarefinansieringsprojek genaamd Spansaam wat onder andere die Atterbury Trust, Velile Tinto & Associates, USN, Fledge Capital en Transaction Capital as borge ingesluit het.

Schoenmaker het 'n goue en 'n silwer medalje in die Olimpiese swembad gewen, terwyl Buitendag 'n silwer medalje in branderplankry gewen het. Schoenmaker is met R600 000 beloon en haar afrigter Rocco Meiring het R150 000 gekry. Buitendag en haar afrigter Greg Emslie het onderskeidelik R200 000 en R50 000 gekry. 'n Verdere R50 000 is vir 'n sportbeurs bewillig.

SASKOK het Suid-Afrikaanse Olimpiese gouemedaljewenners in 2016 met R400 000 elk beloon, silwermedaljewenners het elk R200 000 gekry en bronsmedaljewenners elk R80 000. Hierdie atlete se afrigters het ook belonings van SASKOK ontvang.

By die oorhandigingsgeleentheid het Schoenmaker en Buitendag gesê hulle is uit die veld geslaan oor die ophef wat daar van hulle gemaak is.


Louis van der Watt, uitvoerende hoof van die Atterbury Trust, het met die oorhandiging van die atlete en hul afrigters se tjeks gesê dit is maklik om verskonings te soek vir probleme in die wêreld in plaas daarvan om op die goeie en positiewe te fokus. "Tatjana en Bianca het egter gefokus op dit wat hulle goed kan doen, ondanks struikelblokke wat hulle ervaar het om te kom waar hulle is.

"Die probleem met die regering is dat hulle ook eerder verskonings soek. In plaas daarvan dat hulle rolmodelle soos hierdie ondersteun, was hul fokus eerder oor hoekom die span nie verteenwoordigend is nie. Ons wil vir hierdie atlete dankie sê vir die rolmodelle wat hulle vir ons en die hele land is."

Ronald Peters, bestuurder by AfriForum Sport, sê die probleme in Suid-Afrikaanse sport strek veel wyer as net die tekort aan ondersteuning by die Olimpiese Spele. Hy sê dis basies net rugby wat oor die algemeen goed bestuur word. Omtrent alle ander sportsoorte sukkel met behoorlike befondsing.

Hy sê voorts Mthethwa se uitlatings dat die land se demografie nie voldoende verteenwoordig word nie, val ook plat as 'n mens in ag neem hoeveel talentvolle atlete sou kon deelneem as hulle finansiële ondersteuning gekry het. "Ons het hierdie veldtog geloods om fondse in te samel om ons atlete te ondersteun en te vergoed vir die harde werk wat hulle gedoen het. Hierdie atlete skep hoop en trots vir jongmense en toekomstige atlete met hul prestasies op die grootste wêreldverhoog."




**Bianca Buitendag**, Olimpiese branderplankryer, **Ronald Peters**, bestuurder by AfriForum Sport, en **Tatjana Schoenmaker**, Olimpiese swemmer, tydens 'n prysoorhandiging.

FOTO: MARTHINUS KOEKEMOER

# Groot onsekerheid rondom belasting op aftreebesparings met emigrasie

Deur Amanda Visser

’n Rits veranderinge en voorgestelde veranderinge in die belasting op aftreespaargeld het baie vrees en onsekerheid veroorsaak by Suid-Afrikaners wat in die buiteland woon of op die punt staan om te vertrek.

Die jongste voorstel in die Wysigingswetsontwerp op die Konsepbelastingwette het ten doel om belastingregte vir Suid-Afrika op betalings uit aftreefondse in alle gevalle te verseker. Die land sal nou sy “laaste hap van die kersie” kry, selfs al het die land waarin die Suid-Afrikaner ’n belastingburger is ingevolge ’n dubbelebelastingooreenkoms die enigste belastingreg op betalings uit aftreefondse.

Die voorgestelde veranderinge sal vanaf Maart 2022 in werking tree. Joon Chong, ’n vennoot by Webber Wentzel, sê daar bestaan groot kommer in die aftredebedryf omdat die datum van inwerkingstelling 1 Maart 2022 is, terwyl daar baie praktiese implementeringskwessies is wat steeds nie uitgesorteer is nie.

Chong waarsku ook dat dieselfde aftree-inkomste in sommige gevalle onderworpe kan wees aan dubbele belasting. Verskeie lande het enkelbelastingreg in hul dubbelebelastingooreenkomste met Suid-Afrika.

Dit sluit die Verenigde Koninkryk, Australië, Nieu-Seeland, China, Hongkong, Denemarke, Duitsland, Italië, Portugal en Spanje in. Volgens die nuwe veranderinge sal die aftreespaargeld en rente ook onderworpe wees aan belasting in Suid-Afrika.

Gavin Duffy, vennoot by PricewaterhouseCoopers (PwC), sê die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) skryf in die Modelbelastingkonvensie voor dat betalings uit aftreefondse slegs belasbaar is in die land waar die individu ’n belastingburger is. Suid-Afrika het met hierdie lande onderhandel sodat hulle die

> **“ Hulle het nou die aftreefondsbelasting om die nek.**

alleenbelastingregte het. Die nasionale tesourie dink dat die Suid-Afrikaner die belastingaftrekking op bydraes tot aftreefondse geniet, maar ’n ander land kry belasting op die inkomste uit die aftreefonds. Vandaar die voorgestelde verandering.

Om belastingregte vir Suid-Afrika te verseker, het die tesourie voorgestel dat die belastingbetaler “geag word onttrek” te wees uit alle Suid-Afrikaanse aftreefondse op die dag voordat die individu ophou om ’n Suid-Afrikaanse belastingburger te wees.

Maar vanaf 1 Maart volgende jaar moet Suid-Afrikaners vir drie aaneenlopende jare belastingvry wees as die aftree-annuïteitsfonds en bewaringsfonds (waar die enigste verkiesing vir onttrekking plaasgevind het) onttrekkings moontlik maak. Dit beteken dat ’n belasting op ’n geagte onttrekking ontstaan, maar geen betaling is ontvang nie.

Gegewe die geweldige kontantvloeigevolge van hierdie tydsberekening, het die tesourie die geagte belastingaanspraak uitgestel totdat die belastingbetaler werklik betaling uit die fonds ontvang het. Tydens die driejaarwagtydperk sal die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) toegelaat word om rente op die uitgestelde skuld te hef teen ’n (huidige) koers van 7%.

Die internasionale belastingfirma Regan van Rooy het vroeër gesê Suid-Afrikaners wat emigreer bevind hulle in die “bisarre situasie” dat rente op ’n uitstaande belastingaanspreeklikheid opgelê word gedurende ’n tydperk waarin persone nie toegang tot hul aftreefondse het nie en nie die aanspreeklikheid kan vereffen nie.

Duffy is baie krities oor die voorstel en sê dit wil voorkom asof die nasionale tesourie dit aanvaar het met die veronderstelling dat alle Suid-Afrikaners wat die land verlaat, nooit weer sal terugkeer nie. Hy sê daar is baie gevalle waar Suid-Afrikaners die land verlaat met opdragte in die buiteland en belastingburgers word terwyl hulle in die buiteland werk. As hulle belastingburgers in die gasheerland word, sal die geagte onttrekking van krag wees en hulle sal ’n belastingaanspreeklikheid met rente hê, selfs al het hulle beplan om terug te keer na Suid-Afrika ná voltooiing van hul werkopdragte.

Hugo van Zyl, belasting- en valutabeheerspesialis, het vroeër ook opgemerk dat die voorstel nie voorsiening maak vir “mislukte emigrante” nie. Hy sê daar is mense wat moontlik gedwing sal word om na Suid-Afrika terug te keer as hulle hul werk in die buiteland verloor weens die impak van COVID-19.

“Iemand was dalk van plan om in die buiteland te bly, maar omstandighede het hulle gedwing om terug te keer. Wat gebeur as hulle terugkeer voor die drie jaar wanneer hulle toegang tot hul aftreespaargeld het? Hulle het nou die aftreefondsbelasting om die nek.”

Welvaartskeppers sê mense wat emigrasie oorweeg, kan ’n enkele onttrekking uit hul bewaringsfondse oorweeg voordat hulle emigreer. Hulle kan die volledige bedrag onttrek en word belas teen die belastingonttrekkingstariewe, maar daarna is hulle veilig. Dieselfde geld pensioen- of voorsorgfondse. Mense mag onttrek voordat hulle emigreer, maar weer sal die boete vir onttrekkingbelasting van toepassing wees.

Mense wat tot uittree-annuïteitsfondse bydra sal eers ná drie jaar toegang tot hul spaargeld hê as hulle belastingburgers is. Die geagte onttrekking kan op hulle van toepassing wees.



# Spioenmeesters:

## Die mense wat die geskiedenis verander het

Deur Ilze Nieuwoudt

Wanneer daar oor spioene gepraat word, dink 'n mens onwillekeurig aan die Hollywood-weergawe van spioene waarin manne soos James Bond op sy charismatiese manier te werk gaan, skote heen en weer klap en die held die een ná die ander waaghalsige truuk uit die mou pluk.


Dit is dikwels ver verwyderd van die werklikheid. Inteendeel, die werklikheid het telkens minder glorie as rolprente, maar die verhale is in baie gevalle meer opspraakwekkend én ongelooflik as die spioenasieverhale waaroor fiksieboeke geskryf word.

Die intelligensiekundige Henning van Aswegen vertel in sy nuwe boek *Spioenmeesters: Vriende, vyande en verraaiers van die 20ste eeu* oor die ware verhale van 18 spioenasiegevallestudies wat 'n direkte of indirekte invloed op Suid-Afrika se geskiedenis gehad het.

Dié boek, wat pas by Kraal Uitgewers uitgegee is, is 'n versameling van gevallestudies wat Van Aswegen as dosent in intelligensiekunde aan die Nasionale Intelligensie-akademie in Pretoria aan jong, aspirant spioene voorgehou het. "In die meerderheid van die gevalle in *Spioenmeesters* is die spioene gekompromitteer en baie het in die tronk beland. So hiermee het ons eintlik die studente geleer wat om nie te doen nie," lag Van Aswegen tydens 'n aanlyn onderhoud by sy huis in Gordonsbaai, waar hy sedert sy aftrede woon.

Dié Vrystater het ná matriek soos ander jongmanne van die tyd eers weermag toe gegaan en tydens sy diensplig sy joernalistiekstudie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) aangepak. As student het hy vryskutwerk vir die Engelse dagblad *The Star* gedoen. Dit was egter sy ander hoofvak – internasionale politiek – wat uiteindelik sy loopbaanpad sou bepaal. "Ek is deur die ou Buro vir Staatsveiligheid, wat in 1979 die Departement van Nasionale Veiligheid geword het, genader. Hulle was op soek na gegradueerdes wat kennis van politiek, staatsleer en interne politiek gehad het, en op dié manier het ek in die intelligensiediens beland," verduidelik hy. 'n Vol loopbaan in die intelligensiebedryf het gevolg en nou kry hy uiteindelik kans om sy ander liefde uit te leef. Sy diepe belangstelling in en uitgebreide kennis oor intelligensiekunde het nou met sy liefde vir skryf vermeng en *Spioenmeesters* is die gevolg daarvan.

Volgens Van Aswegen is die doel van *Spioenmeesters* nie net om interessante grepe uit die geskiedenis van spioenasie te bied nie. Dié boek is ook daarop gemik om die balans in die vertelling van die geskiedenis reg te stel én om waardering te toon vir die impak wat spioene en




spioenmeesters op die verloop van die geskiedenis gehad het. Van Aswegen voer onder meer aan dat die tydige werk wat intelligensiedienste in Suid-Afrika se verlede gedoen het, voorkom het dat Suid-Afrika in 'n bloedbad ontaard. "Die leierskap van die NI het 'n deurslaggewende rol gespeel om uiteindelik die klimaat voor te berei vir onderhandelinge tussen die destydse regering en die ANC/SAKP … Die land het op 'n burgeroorlog afgestuur en met die vêrsiendheid en die inligting tot die NI se beskikking het die intelligensiediens die ekstra myl gestap en die regering en die opposisiepartye bymekaar uitgebring."

## ONTDEK DIÉ GEBEURE IN *SPIOENMEESTERS*

Agtien afsonderlike gevallestudies word in *Spioenmeesters* ondersoek en strek vanaf die Anglo-Boereoorlog tot kort voor die 1994-verkiesing. Verskeie geheime van spioenasie en teenspioenasie wat gedurende die Anglo-Boereoorlog en die wêreldoorloë plaasgevind en 'n hoogtepunt tydens die Koue Oorlog bereik het, word onthul. Die lewe van Fritz Duquesne, Hendrik van den Bergh, Johannes van der Walt en die meesterspioen Richard Sorge word ondersoek.

*Spioenmeesters* ondersoek ook opspraakwekkende intelligensiegebeure wat tydens Suid-Afrika se stormagtige 1960's en 1970's afgespeel en onder meer tot die klopjag op Liliesleaf gelei het. Die gebeure rakende Operasie Vula, die ANC-komplot wat amper die vredesonderhandelinge van die 1990's in die wiele gery het, word ook nagespoor.

Was Dieter Gerhardt, 'n kommodoor in die Suid-Afrikaanse Vloot en 'n agent van 'n Russiese intelligensiediens, 'n held of 'n verraaier? Wie was die Russiese KGB-spioen wat 'n bietjie Afrikaans kon praat? En hoe het Gerard Ludi daarin geslaag om die SAKP te infiltreer? Dié en tientalle ander vrae word in *Spioenmeesters* beantwoord.

# Neem slim geldbesluite terwyl jy leef

Deur Alet Rademeyer

As daar nou een harde lewensles is wat die mensdom die afgelope twee jaar opnuut tydens die COVID-pandemie geleer het, is dit dat niemand weet wanneer hulle of hul geliefdes se sterfdag kom nie.

Om nie die nodige voorbereiding, ook finansieel, hiervoor te tref nie, kan diegene wat agterbly met oneindig baie droefheid en bekommernis laat.

André Eloff, 'n boedelbeplanner van Pretoria met meer as 30 jaar se praktiese ondervinding in onder meer testamente, trusts en boedelbereddering, het tydens die staat van inperking 'n boek getiteld *Finansiële gemoedsrus* voltooi wat mense kan help om vroegtydig ingeligte keuses te maak en besluite te neem sodat hulle en hul naasbestaandes finansiële gemoedsrus kan hê.

> **Mense praat mos nie oor die dood nie, maar nadat 'n wederhelfte of geliefde sterf, is daar dikwels chaos.**

"Mense praat mos nie oor die dood nie, maar nadat 'n wederhelfte of geliefde sterf, is daar dikwels chaos. Ek het hierdie boek as hulpmiddel geskryf om mense te help om hul sake in orde te kry terwyl hulle nog lewe," sê Eloff.

Volgens Eloff is een van die probleme wat hy deur die jare bespeur het dat gades en gesinne nie kennis van mekaar se ondernemings en geldsake het nie. "Wanneer een van hulle te sterwe kom, is daar dan geweldige frustrasies en onsekerhede."

Die boek is in verskeie hoofstukke opgedeel en begin by die begin wat 'n mens onmiddellik te doen staan wanneer 'n geliefde te sterwe kom. Hoe om die nodige begrafnisreëlings te tref en hoe daarna met boedelbereddering begin moet word.


Die belangrikheid van 'n testament, wat die inhoud daarvan moet wees, hoe dit geberg moet word en watter blapse vermy kan word, word ook eenvoudig maar omvattend verduidelik.

Die kwessie van ondernemings van gestorwenes en die tameletjie van belastingaangeleenthede en trusts kom ook aan die beurt.

Eloff wys ook op nagevolge en implikasies vir saamblyers wanneer een van hulle te sterwe kom. Mense aanvaar te dikwels dat die verdeling van hul erflating, eiendom en ander besittings eenvoudig sal verloop as hulle die dag nie meer daar is nie. Maar indien daar kinders, kinders uit vorige huwelike en selfs eks-gades is, kan die prentjie baie ingewikkeld raak. Om hierdie rede kan die belangrikheid van 'n testament nie genoeg beklemtoon word nie.

Eloff het ook 'n woord vir vroue wat steeds nie weet wat in hul mans se ondernemings aangaan nie en alle besluite steeds aan hulle oorlaat. "Dit kan tot groot smart ly indien 'n vrou ná die afsterwe van haar man agterkom dat daar nie genoeg of die regte voorsiening vir haar en die kinders gemaak is nie."

Met verwysing na finansiële adviseurs sê Eloff kliënte moet seker maak dat adviseurs te alle tye kundig is en hulle sal help om die beste voordeel, diens en advies vir hul omstandighede te kry.




*Finansiële gemoedsrus* is ook in Engels as *Financial peace of mind* beskikbaar. Dit kos R300 en kan direk van die skrywer bestel word: Stuur 'n e-pos na **andre.eloff@hotmail.com** of skakel **082 446 8087**.



• Volpunte vir kliëntediens! •
3 JAAR IN 'N RY

## Beteken Desember-rustyd ook

# gemoe

**Desember is tradisioneel vakansietyd, of jou weggaan óf tuis bly.**

Maar moenie op jou louere rus nie – maak seker dat jy behoorlike versekeringsdekking in plek het, nie net vir jou voertuig nie, maar ook vir jou geboue en besittings. En onthou, Virseker-dekking gee jou meer as net gemoedsrus: jy help ook ons gemeenskap én ons taal.
**Want saam verseker ek en jy Afrikaans.**



human.kind/36416





**| Skakel ons by 0861 11 28 70.**
**| SMS 'VIRSEKER' na 43373.**
**| Besoek virseker.co.za.**

Bs en Vs aanlyn. A&G gemagtigde nie-lewensversekeraar en FDV.
* Bes-presterende produk in die korttermynversekeringsbedryf: 2018, 2019 en 2020 – SAcsi.

virseker

Jou versekering, jou mense, jou taal.

'n Produk van auto general



# Goeie samewerking gesaai, SUKSES GEMAAI!

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

Ná baie maande se toewyding, harde werk én genade van Bo is die eerste mielies van die gesamentlike landbouontwikkelingsprojek wat deur AfriForum, Pioneer, Saai, Agri All Africa, Purposely Ignited en die Boiphitlhelelo Koöperatief van die Noga's Post-gemeenskap aangepak is, suksesvol geoes.

Dít volg nadat bogenoemde organisasies in 2020 hande gevat het om die Noga's Post-gemeenskap in Thaba 'Nchu met dié ontwikkelingsprojek te ondersteun nadat gemeenskapslede onder leiding van hul tradisionele leier *Kgosatsana* (Prinses) Gabo Moroka self suksesvol mielies en groente tydens die vorige plantseisoen geproduseer het.

Die organisasies het só gesien dat hierdie gemeenskap nie net honger vir meer voedsel was nie, maar ook vir meer kennis om nood in hul omgewing op 'n volhoubare wyse te verlig.

Volgens Barend Uys, hoof van Interkulturele Samewerking by AfriForum, was die projek weens moeilike weersomstandighede en gebrekkige toerusting nie sonder uitdagings nie, maar die gemeenskap het volhard en 'n suksesvolle eerste oes gehad. "Dié projek bring hoop in 'n tyd wat dit baie nodig is en dien as 'n bewys van die sukses wat moontlik is as verskillende kultuurgemeenskappe en rolspelers op 'n grondslag van wedersydse erkenning en respek saamwerk."

Prinses Moroka sê dat sy dié samewerking beskou as 'n voortsetting van die goeie verhoudinge wat ontstaan het in die tyd van haar voorvader Kgosi Moroka II van die Barolong Boo Seleka- tradisionele gemeenskap. Moroka was tydens die Groot Trek die Voortrekkers goedgesind en het hulle in sy gebied verwelkom en gereeld voedsel na die Voortrekkerkampe geneem. "Ons dank eerstens die Here vir dié oes omdat dit deur Hom moontlik was om suksesvol te wees ten spyte van die uitdagings wat ons beleef het. Ek is ook baie trots op die prestasie van die gemeenskap en is dankbaar dat ander rolspelers besluit het om betrokke te raak om van ons projek 'n nog groter sukses te maak."

Jan van der Merwe, 'n boer verbonde aan Agri All Africa, sê die gemeenskapslede hang aan sy lippe as hy oor boerdery praat. Agri All Africa is verantwoordelik vir die operasionele bestuur van die projek en koördineer ook die ondersteuning wat deur plaaslike kommersiële boere gelewer word en wat as mentors vir die gemeenskap optree. Hulle help ook met die verskaffing en aanwending van toerusting. "Dit help nie gemeenskappe kry net staatsbefondsing of toerusting om te begin boer nie. Dit is belangrik dat die nodige kennis en insette gelewer word om hulle werklik te bemagtig."



Die eerste mielies by Noga's Post word gestroop.

FOTO'S: JHUA-NINE WYRLEY-BIRCH

## AFRIFORUM ONDERSTEUN DIE BAROLONG BOO MODIBOA-GEMEENSKAP MET REGSHULP

Die burgerregteorganisasie se regspan het namens lede van die Barolong Boo Modiboa (Ba Matlwang) Communal Property Association (CPA) in die omgewing van Potchefstroom 'n PAIA-aansoek aan sowel die administrateur van die CPA as die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (die DLGLO) gerig. Dít volg nadat die aangewese administrateur Kgokong Attorneys volgens die CPA nie in hul beste belang opgetree het nie. Die gemeenskap meen daar is 'n gebrek aan deursigtigheid en die voorsiening van inligting, veral oor finansiële aangeleenthede. Hul bekommernisse sluit in dat die administrateur geen daadwerklike stappe doen om die deurlopende oortreding op hul grond hok te slaan nie of 'n plan het om 'n Eskom-substasie op hul eiendom op te rig nie. Boonop verstaan gemeenskapslede nie waarom 'n administrateur aangestel is nie, omdat hulle meen dat hulle reeds hul verskille bygelê het. "Ons doen nou stappe om te verseker dat ons die CPA sélf kan bestuur," sê Kgotso Ratikoane, 'n lid van die Barolong Boo Modiboa-gemeenskap en CPA-bevoordeelde.

# Erken gedeelde geskiedenis nou

Deur Alet Rademeyer

AfriForum het 'n verslag bekendgestel wat die ANC se opportunistiese pogings ontbloot om die geskiedenis te verdraai en Afrikaners as skurke en swart mense as slagoffers uit te beeld.

Dié verslag is onder leiding van die ideesentrum Opinor deur die historikus dr. Jackie Grobler opgestel in reaksie op 'n regeringsverslag.

Die regering se verslag is slordig, afgewater, vaag en onvolledig en dit lyk eerder of die outeurs net daarop ingestel was om inligting in te sluit om hul argumente te staaf en historiese regverdiging en motivering te probeer kry om onteiening sonder vergoeding moontlik te maak, meen Barend Uys, hoof van Navorsing by AfriForum.

Die onderliggende narratief in die verslag is een van Afrikaners/Europeërs wat skurke en swart mense wat slagoffers is.

Voorts is daar verskeie feitefoute in die verslag en betwisbare bewerings word gemaak sonder enige bronverwysings.

Uys wys ook daarop dat daar geen vermelding en verwysing in die verslag is na oorloë en gevegte oor grond waarmee Afrikaners niks te doen gehad het nie.

Hy vind dit ook skokkend dat daar nêrens in die verslag melding



**Barend Uys**, hoof van Navorsing by AfriForum, en **dr. Jackie Grobler**, historikus.

gemaak word van die verdrae en samewerkingsooreenkomste wat tussen Afrikaners en ander etniese groepe gesluit is nie. Voorbeelde hiervan is die ooreenkoms waar Koning Mpande, opvolger van Koning Dingaan, die grond tussen die Kliprivier en die Drakensberge aan Afrikaners verkoop het, of Koning Sekwati I van die Bapedi en Koning Mswati van die Swazi wat ook grond aan die Voortrekkers verkoop het.

Die verslag misken ook die geveg van die Boere teen die Britte tydens die Anglo-Boereoorlog. "Dit is ook onwaar om voor te hou dat al die oorloë in Suider-Afrika tussen Europeër en Afrikaan of tussen wit en swart was. Daar is verskeie voorbeelde van Afrikaners wat etniese groepe en andersom in oorloë ondersteun het, soos byvoorbeeld die Voortrekkers onder leiding van Andries Pretorius wat saam met Mpande geveg het om Dingaan te verslaan; die Afrikaners wat Koning Dinuzulu ondersteun het in sy geveg teen Mandlakazi en die Barolong wat Afrikaners gehelp het teen die Basotho's."

Volgens Uys is dit belangrik dat die geskiedenis moet normaliseer en dat daar wegbeweeg word van die wit/swart- en slagoffer/skurk-meesterverhaal. "Dit is ook belangrik dat verskillende kultuurgemeenskappe moet saamwerk om gedeelde geskiedenis te ondersoek en te dokumenteer sodat ons goeie verhoudinge kan bou, wedersydse begrip kan verbeter en die lesse kan leer wat nodig is om te keer dat ons foute herhaal."



# AfriForum sit stryd teen

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch en Marthinus Koekemoer

Verkiesingstyd is dikwels die tyd wanneer die regering die illusie skep dat hulle hul pligte nakom deur plek-plek herstel- en opknappingswerk te doen.

AfriForum se 160 takke en meer as 12 500 vrywilligers tree egter die afgelope 15 jaar reeds in om uitdagings en swak dienslewering op munisipale vlak daadwerklik te takel, hetsy deur amptenare verantwoordelik te hou deur hofbevele of self moue op te rol en in te gryp.

**'n Skoon en besoedelvrye omgewing is vir die organisasie belangrik.** Lang gras en onversorgde terreine is nie net 'n groot veiligheidsrisiko nie, maar ook 'n brandgevaar. Verskeie takke, insluitend dié in Nelspruit, Klerksdorp, Coligny, Wolmaransstad, Naboomspruit, Kroonstad, Lydenburg, Edenvale, Vanderbijlpark en Rustenburg, het volhoubare skoonmaakprojekte van stapel gestuur en onder meer gras gesny, tuinvullis verwyder en begraafplase opgeknap. Randfontein en Bellville se takke snoei ook dikwels bome waar nodig om kragonderbrekings te voorkom.

**Die opvul van slaggate is 'n groot prioriteit om plaaslike gemeenskappe te verbeter en motoriste veilig te hou.** Die Lichtenburg-tak het in vyf maande meer as 100 ton teer gebruik om R300 000 se herstelwerk te doen. Die Ditsobotla Plaaslike Munisipaliteit ondersteun nie net dié tak se inisiatief nie, maar voorsien ook dikwels masjinerie en werkers om met herstelwerk te help. In September alleen het Dirk Venter van die Potchefstroom-tak 108 m² se slaggate met 410 sakkies teer opgevul. Die volgende takke het ook hul deel gedoen en onlangs meer as 200 sakke teer gebruik om paaie reg oor die land te beveilig.

- **Witrivier (40 sakke)**
- **Hospitaalpark (15 sakke)**
- **Sasolburg (25 sakke)**
- **Witbank (40 sakke)**
- **Klerksdorp (25 sakke)**
- **Sasolburg (62 sakke)**

**Die instandhouding van waterinfrastruktuur en dreineringstelsels is ook vir baie inwoners 'n kopseer.** Die Standerton-tak en -buurtwag het tydens 'n watertekort meer as 50 000 liter water aan inwoners verskaf. Dealesville was weens grootskaalse waterlekkasies vir 15 dae sonder water gelaat, maar die plaaslike tak het egter ingegryp en die pype herstel. Takke in Nelspruit, Lydenburg en Bloemfontein het ook stormwaterslote skoongemaak. In Centurion het die plaaslike tak 'n waterlekkasie in Furman-park herstel nadat duisende liter water verlore gegaan het, terwyl taklede ook die stormwaterkanaal tussen Breyten- en Reddersburgstraat in Rooihuiskraal-Noord skoongemaak het.

**Takke help ook om dorpe op ander wyses veiliger te maak:**

- **In Sasolburg het die tak 53 straatligte se gloeilampe vervang.**
- **Die Upington-tak het lemmetjiesdraad by die ingang van The Association for the Physically Disabled (APD), 'n organisasie sonder winsbejag wat dienste lewer aan mense met gestremdhede en 'n gereelde teiken vir vandale is, aangebring.**
- **Die tak in Bethal het spoedig twee stoptekens by besige kruisings vervang.**
- **Die Bloemfontein-takke het 'n vermiste persoon opgespoor en met die familie herenig.**
- **Die Centurion-tak het die kanaal in Valhalla, wat 'n groot gevaar inhou vir inwoners wat in die omgewing bly, skoongemaak.**

**Die land is ernstig deur die derde vlaag van die COVID-19-pandemie geraak en plattelandse dorpe en hospitale het dikwels 'n tekort aan toerusting ondervind.** Daarom het takke in Swartruggens en Marble Hall suurstofmasjiene aangekoop. Dié masjiene verskaf 93% suurstof, het 'n aanpasbare vloeitempo om aan die pasiënt se behoefte te voldoen, asook 'n verstuiwer (nebuliser)-funksie.









# munisipale verval voort

**Vullisverwydering het in dele van die land ook 'n luuksheid geword. Talle AfriForum-takke verwyder dus self vullis en rig asblikke op om te sorg vir skoner dorpe.**

- **Die Fichardtpark-tak het 48 ton vullis verwyder nadat die Mangaung-metro drie weke lank geen vullis verwyder het nie.**
- **AfriForum se Zastron-tak het verskeie asblikke in die dorp opgerig.**
- **Die Centurion-tak het 2 000 sakke vullis in Highveld verwyder wat op die sypaadjies, in die oop stukke veld en in die paaie gelê het.**

**Die takke in Potchefstroom en Vanderbijlpark het ook #VegEnBou-projekte in hul onderskeie dorpe gehou.**

- **Die Potchefstroom-tak het verskeie opheffings- en veiligheidsprojekte in die dorp gehou, insluitend 'n patrollie, 'n sportprojek by Lekwena Wildlife Estate en opknappingsprojekte rondom paaie op Die Bult en op die hoek van Klinkenberg- en Ben Pienaarstraat. Verder is 'n toegeeteken en twee stoptekens ook vervang.**
- **In Vanderbijlpark het die tak twee groot skoonmaakprojekte gehou. 5 ton teer is gebruik om strate veiliger te maak en die begraafplaas is gepatrolleer tydens 'n spesiale diens wat elke derde Sondag van die maand gehou word sodat inwoners hul afgestorwe geliefdes se grafte kan besoek. Pakkies lekkernye is ook by die Laerskool Vaalrivier uitgedeel aan leerders wat deel van die skool se voedingsprogram is, terwyl die seniors van Pioneer House in die dorp met 'n braai bederf is. Die tak het ook 'n splinternuwe Mahindra-bakkie aangekoop vir gebruik tydens skoonmaakprojekte en die verlening van hulp met brandbestryding.**






### KZN-takke fokus op volhoubare projekte

In 'n jaar waartydens KwaZulu-Natal (KZN) in die nuus was vir die skade wat inwoners tydens onluste in verskeie dorpe en stede aangerig het, is 'n nuwe AfriForum-tak in Sodwana gestig, die burgerregtewaghond se tiende tak in dié provinsie, terwyl verskeie ander suksesse en hoogtepunte ook in die provinsie aangeteken is. Hier is enkele voorbeelde:

- **Richardsbaai: 'n Projek is geloods om skole gratis te ontsmet.**
- **Pongola: Die begraafplaas is opgeknap en 'n plaaslike sekuriteitsfirma verskaf op Sondae 'n wag om die begraafplaas te beveilig indien inwoners hul afgestorwe geliefdes se grafte wil besoek.**
- **Amanzimtoti: 'n Erfenisprojek is van stapel gestuur om 'n plaaslike konsentrasiekamp en monument op te knap.**
- **Vryheid: 'n Gemeenskapsentrum is op die been gebring; 'n kliniek en buurtwagbeheerkamer word onder meer by dié perseel gehuisves.**
- **Paulpietersburg: Hier is ook 'n beheerkamer en gemeenskapsentrum wat verskeie dienste aan plaaslike inwoners verskaf. 'n Kospakkieprojek ondersteun mense wat weens die COVID-19-pandemie swaarkry, terwyl ander noodsaaklike items ook aan inwoners voorsien word.**
- **Newcastle: Spreiligte is by La Gratitude Cottages geïnstalleer om veiligheid op te skerp.**
- **Hluhluwe: Een van die land se grootste beheerkamers word in oorleg met 'n plaaslike sekuriteitsfirma bedryf om onder meer onwettige handel oor die Mosambiekse grens te verminder.**
- **Utrecht: Twee noodwaterpunte is opgerig.**
- **Margate: Hierdie tak het ook 'n noodwaterpunt opgerig en 'n dak by Tent City, 'n blyplek vir Afrikaners sonder heenkome, gebou.**
- **Sodwana: Verskeie bome is tydens boomplantmaand geplant.**



> “Lang gras en onversorgde terreine is nie net 'n groot veiligheidsrisiko nie, maar ook 'n brandgevaar.



FORUM TYDSKRIF

# WOORDBLOK NO. 1

Saamgestel deur Louis Krouwkamp.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| F | S | R | E | G | I | L | L | I | W | Y | R | V | H | J | V | A | K | B | O | N | D |
| O | E | L | H | E | L | P | E | N | D | E | H | A | N | D | A | N | A | S | A | A | I |
| R | G | I | S | P | A | N | O | N | S | W | I | N | K | E | L | G | L | A | A | T | E |
| U | H | N | T | L | A | A | R | K | E | S | E | I | T | A | M | E | L | E | T | N | H |
| M | F | S | I | A | D | P | A | S | N | I | P | R | E | I | N | O | I | P | I | N | G |
| T | U | T | M | A | I | H | W | G | W | O | R | T | E | L | S | J | E | A | E | A | I |
| Y | O | I | U | S | L | S | P | N | A | A | F | R | I | K | A | A | N | S | T | M | L |
| D | B | T | L | M | O | D | I | I | S | M | O | K | E | O | T | R | O | P | I | R | I |
| S | N | U | E | O | V | A | L | N | O | R | E | W | E | G | T | I | U | O | R | E | E |
| K | E | U | E | O | N | A | F | N | I | E | B | R | N | I | E | L | P | O | A | H | V |
| R | G | T | R | R | I | V | R | E | D | E | D | O | U | V | G | G | O | R | D | E | S |
| I | E | A | N | D | S | K | S | K | E | U | T | V | L | U | G | T | E | T | I | E | P |
| F | V | I | E | A | H | E | N | E | E | L | E | G | L | A | T | E | D | E | L | T | A |
| D | R | M | G | N | M | A | R | O | E | L | A | J | E | V | E | L | D | T | O | G | K |
| D | E | E | V | A | H | U | N | T | R | T | T | F | Y | R | K | S | U | H | S | A | S |
| P | T | D | O | T | C | D | N | O | O | P | G | I | F | Y | R | E | U | K | H | W | N |
| S | A | A | L | N | E | I | Y | O | E | R | K | E | N | H | E | E | R | E | O | T | E |
| I | E | K | K | A | T | S | N | Y | M | A | N | S | R | E | E | T | G | E | O | R | E |
| R | T | A | S | S | L | E | I | R | K | I | E | I | S | I | V | O | O | R | U | U | M |
| A | F | R | I | F | O | R | U | M | S | V | R | E | E | D | U | T | S | N | U | U | E |
| K | A | M | P | U | S | E | N | O | T | A | A | F | G | N | I | R | A | W | E | B | G |



Soek die volgende woorde in die woordblok. Woorde kan horisontaal, vertikaal en diagonaal wees en kan in enige rigting wees. Leestekens word nie gebruik nie.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| AFRIFORUM | AFRIKAANS | AKADEMIA | BEWARING | BURGERREGTEINISIATIEF | |
| BUURTWAGTE | DANA | DUUR | EERS | EGTE | |
| ERFENIS | ERKEN | FAK | FLIP | FORUM TYDSKRIF | |
| GEMEENSKAPSVEILIGHEID | | GERRIENEL | GIF | HEER | HELPENDEHAND |
| HERMANN | INSTITUUT | KALLIE | KAMPUS | KRAAL | KRIEL |
| KULTUUR | LEDETAL | MAROELA | MEDIA | MONUMENTE | MUUR |
| NOOP | NOTA | NVG | ONSWINKEL | OPLEI | ORDE |
| PASPOORT | PIONIER | PLAASMOORD | PRONK | PSIRA | REGTE |
| REUK | SAAI | SANTANA | SAPD | SINVOL | SKEUT |
| SKRYF | SNIPR | SNYMAN | SOLIDARITEIT | SOLTECH | SPAN |
| STIMULEER | STUDEER | TAAL | TAKKE | TEATER | TELEMATIES |
| TINTELTONG | TOEKENNINGS | TOEKOMS | TOERE | TROP | UITGEWER |
| VAKBOND | VEGENBOU | VELDTOG | VISIE | VLUGTE | VOLK |
| VOOR | VREDE | VRYHEID | VRYWILLIGERS | WORTELS | |




medihell
'n Mediese fonds
in Aksie
Betroubare dekking
Persoonlike diens
Generasies van sorg
SMS 'Kontak' na 32291
om die regte plan vir
jou te kry.
'n SMS kos R1. Gratis minute en SMS-bondels is nie van toepassing nie.
Bepalings en voorwaardes geld. Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer
van finansiële dienste (FSP No 15738)

Solidariteit Finansiële Dienste (SFD) is 'n gemagtigde finansiëledienstemaatskappy en deel van die Solidariteit Beweging.

Finansiële beplanning is nie net vir die toekoms nie, daarom wil SDF jou finansiële pad saam met jou stap,
Kry uitnemende diens in Afrikaans – **jou finansies in jou taal!**



# SOLIDARITEIT FINANSIËLE DIENSTE
# JOU ANTWOORD VIR 'N VERSEKERDE TOEKOMS

**SFD bied die volgende dienste:**

- **Persoonlike finansiële advies**
- **Korttermynversekering**
- **Mediese dekking**
- **Boedelbeplanning en testamente**
- **Studielenings vir sowel Sol-Tech en Akademia**
- **Regsversekering**

**Kry die regte antwoorde op jou vrae.**
**Wees verseker van dit wat jy moet weet.**
**Kry jou kwotasie vandag nog.**

Kontak ons gerus vir meer inligting:
0861 101 005
www.sfdienste.co.za
admin@sfdienste.co.za

SFD
Solidariteit Finansiële Dienste